

**POST-CHRISTELIKHEID AS SENDINGUITDAGING**

deur

**PIETER NEL**

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van  
die vereistes vir die graad

**BACCALAUREUS DIVINITATIS (BD)**

Studieleier Prof. C.W.H. Boshoff

**DEPARTEMENT GODSDIENS- EN SENDINGWETENSKAP  
Fakulteit Teologie (Afdeling B)**

**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA  
1988**

**Prayer For Increase of Faithful Ministers**

SEND help, O Lord, we pray,  
And thy own gospel bless;  
For godly men decay,  
And faithful pastors cease;  
The righteous are removed home,  
And scorners rise up in their room.

While Satan's troops are bold,  
And thrive in number too,  
The flocks in Jesus' fold,  
Are growing lank and few;  
Old sheep are moving off each year,  
And few lambs in the fold appear.

Old shepherds, too, retire,  
Who gathered flocks below,  
And young ones catch no fire,  
Or worldly-prudent grow;  
Few run with trumpets in their hand,  
To sound alarms by sea and land.

O Lord, stir up thy power,  
To make the gospel spread;  
And thrust out preachers more,  
With voice to raise the dead;  
With feet to run where thou dost call;  
With faith to fight and conquer all.

The flocks that long have dwelt  
Around fair Zion's hill,  
And thy sweet grace have felt,  
Uphold and feed them still;  
But fresh folds build up everywhere.  
And plenteously thy truth declare.

As one Elijah dies,  
True prophet of the Lord,  
Let some Elisha rise  
To blaze the gospel-word;  
And fast as sheep to Jesus go,  
May lambs recruit his fold below.

This hymn was occasioned by the death of Whitefield.

—JOHN BERRIDGE  
(1716-1793)

## INHOUDSOPGAWE

### HOOFSTUK 1

#### ONS POST-CHRISTELIKE WESTE

- 1.1 TERM-OMSKRYWING
- 1.2 'N KEUSE VIR DIE TERM POST-CHRISTELIKHEID
- 1.3 'N BESKRYWING VAN POST-CHRISTELIKHEID
- 1.4 DIE BEGIN VAN POST-CHRISTELIKHEID
- 1.5 SIMPTOME VAN POST-CHRISTELIKHEID
  - 1.5.1 De Klerk se beskrywing
    - 1.5.1.1 Persoonlik-psigologies
    - 1.5.1.2 Die gemeenskapslewe
    - 1.5.1.3 Die Kerklik-Godsdienslike lewe
  - 1.5.2 De Vries se beskrywing
    - 1.5.2.1 Sosiaal-psigologies
    - 1.5.2.2 Oikologies
    - 1.5.2.3 Godsdienslike-kultureel
  - 1.5.3 Verkuyl se beskrywing
    - 1.5.3.1 Intellektuele en materiële hoogmoed
    - 1.5.3.2 Ligsinnige geloofsbeleving
    - 1.5.3.3 Onvermoë tot kontak
- 1.6 DIE BESONDERE SIMPTOME VAN POST-CHRISTELIKHEID OP DIE GELOOFSLEWE VAN DIE MENS
  - 1.6.1 Sondebeseft
  - 1.6.2 Solidariteit
  - 1.6.3 Die Antitese
  - 1.6.4 Bekering
  - 1.6.5 Die Eskatologie
  - 1.6.6 Die Christelike lewe
  - 1.6.7 Groter eerlikheid
  - 1.6.8 Gebrek aan geesdrif
  - 1.6.9 Die betekenis van Christus
- 1.7 'N SKEMATIESE VOORSTELLING VAN POST-CHRISTELIKHEID

## HOOFSTUK 2

### OORSAKE VAN POST-CHRISTELIKHEID

- 2.1 DIE ONGELOOFWAARDIGE KERK
- 2.2 DIE LEER VAN THOMAS VAN AQUINAS
- 2.3 DIE RENAISSANCE
- 2.4 DIE RASIONALISME
- 2.5 DIE AUFKLÄRUNG
  - 2.5.1 Godsdienstig
  - 2.5.2 Sedelik
  - 2.5.3 Regtelik
  - 2.5.4 Opvoeding
- 2.6 EKSISTENSIALISME
- 2.7 LIBERALISME
- 2.8 HUMANISME
  - 2.8.1 Die Bybelse Humanisme
  - 2.8.2 Sekulêre Humanisme
    - 2.8.2.1 Friederich Nietzsche
    - 2.8.2.2 Adolf von Harnack
    - 2.8.2.3 Dietrich Bonhoeffer
    - 2.8.2.4 Dorothy Sölle
    - 2.8.2.5 John A.T. Robinson

## HOOFSTUK 3

### POST-CHRISTELIKHEID AS SENDINGUITDAGING

- 3.1 'N NUWE SENDINGMODEL
  - 3.1.1 Die Sending-evangelisasie model
  - 3.1.2 Die Sendingmodel van Bosch
- 3.2 STATISTIEKE TER MOTIVERING VAN SENDING
- 3.3 'N NUWE SENDING VIR SENDING
- 3.4 BELANGRIKE GEDAGTES IN DIE POST-CHRISTELIKE SENDING
  - 3.4.1 'n Halwe Waarheid
  - 3.4.2 Die twee stoele en die heelaal
  - 3.4.3 God as finale Wetgewer
  - 3.4.4 Persoonlikheid of Pretensie?
- 3.5 BELANGRIKE VEREISTES VIR POST-CHRISTELIKE SENDING
  - 3.5.1 Die eis van kommunikasie
  - 3.5.2 Onfeilbaarheid van die Skrif

3.5.3 'n Soewereine God

3.5.4 Die Verlore mens

3.5.5 Bekering

3.5.6 Heiligheid en liefde

3.6 KONKLUSIE: POST-CHRISTELIK MAAR NIE POST-CHRISTUS NIE!

4. BIBLIOGRAFIE

## INLEIDING

### 1. MOTIVERING VIR HIERDIE STUDIE

- \* Dit is sendingjaar (1988) en soveel te meer 'n tyd om opnuut te besin oor die taak van Sending. Daar word in hierdie werkstuk gepoog om 'n nuwe sendingveld vir Sending te motiveer naamlik die post-Christelike Westerse beskawing.
- \* Daar bestaan feitlik geen stof in Afrikaans wat die Westerling as sendingsobjek beskou nie. Verder bied die studiestuk ook 'n besinning oor die aard en oorsprong van ons huidige samelewing en wêreldbeskouing.
- \* Die term post-Christelik (Engels: "post-Christian") word baie raakgelees in literatuur maar nooit duidelik omskryf nie. Hierdie is 'n poging om dit te verduidelik.
- \* Ons post-Christelike era vra om 'n drastiese besinning van die aard en funksie van die Christen in hierdie wêreld. Die term post-Christelikheid dui vir enige ware Christen op 'n noodtoestand om die volgende redes:

#### REDES:

- Dit dui op 'n funksieverlies van die Woord van God in die moderne wêreld wat daarsonder gedoem is tot 'n toestand van ewige wanhoop.

- Dit dui op 'n vervanging van Christelike norme met "ander" norme wat vreemd is aan die Skrif en daarom vernietigend sal in werk op die menslike bestaan. God alleen is die Kenner en Vader van die mens, daarom kan Hy alleen, deur sy Woord alleen, die korrekte norme voorlê.
  
- Die verwerping van die Christelike norme dui op die ongeloofwaardige optrede van die Christen wat die toestand moontlik gemaak het en vra dus na 'n drastiese herbesinning van die Christen in verband met sy getuienis in die moderne wêreld.
  
- Dit dui verder op die totale verloreheid van die post-Christelike mens aangesien hy sy rug, wetend of onwetend, gedraai het op die enigste boodskap van Verlossing.
  
- Dit dui op versuim van die sekulêre mens om God as Vader en Skepper oor alle dinge, die verskuldigde eer te bring en in plaas daarvan, homself en sy eie sekulêre afgode, te vereer.
  
- Dit dui op 'n onmiskenbare teken van die laaste dae waar die mens van sy God afvallig sal raak (2 Tim 3 : 1 - 9) en wat elke Christen tot hernude toewyding roep.
  
- Dit roep laastens elke ware dissipels van ons Verlosser, Jesus Christus tot onverpooste en onvermoeide verkondiging van die waarheid aangaande Christus wat vry maak.

## 2. KEUSE VAN DIE TEMA.

Daar word juis in die werkstuk gekies vir die term post-Christelik omdat dit baie meer beskrywend is van ons huidige era as die term Sekularisme. Post-Christelik impliseer dat die Skrif en sy morme iets vreemd geword het en dat Sending aan die beskrywing meer tot sy reg kom as onder Sekularisme. Dit is juis die Christelike beskawing wat verdring is deur 'n post-Christelike beskawing en dikwels bekend staan as die "New Age" wat opnuut sendingterrein geword het.

## 3. METODE VAN ONDERSOEK.

Die ondersoek behels geen empiriese navorsing nie en is bloot 'n literêre navorsing. Dit is opgedeel in drie hoofstukke elk met 'n eie oogmerk, naamlik:

Hoofstuk een wil besin oor wat post-Christelikheid is, deur die aard en simptome daarvan te behandel.

Hoofstuk twee bied 'n oorsig oor die belangrikste ontstaansfaktore van post-Christelikheid sodat 'n beter perspektief op ons huidige samelewing geopen kan word. Daar word veral aandag gegee aan die Sekulêre Hummanisme en Nuwe Teologie as primêre oorsake.

Hoofstuk drie wil na aanleiding van die twee vorige hoofstukke ons post-Christelike samelewing as 'n sendingterrein sien en motiveer. Daar word ook gekyk na



belangrike uitgangspunte en vereistes vir post-Christelike sending.

4. DOEL VAN DIE ONDERSOEK.

- \* Hierdie studie poog om die leser bekend te stel aan die term post-Christelik wat in Engelse literatuur baie bekend is, en om sodoende 'n vars benadering te bied vir ons huidige samelewing.
  
- \* Ek wil ook in die werkstuk pleit vir 'n nuwe sendingvisie en benadering. In die benadering word alle ongeredde mense gesien as sendingobjekte, met as primêre doel, om hulle te evangeliseer dit wil sê, hulle te roep en te maan tot bekering. Die aanvaarding van die benadering sal impliseer dat Evangelisasie en ook Sending, gedoseer word in die Sending Departement.

## HOOFSTUK 1

### ONS POST-CHRISTELIKE WESTE

Dr. Francis Schaeffer begin sy boek "Death in the City" in 1969 met die woorde "We live in a Post-Christian world" en in dieselfde jaar verskyn die boek van Prof. Johan Heyns getiteld "Sterwende Christendom?" Hierdie twee publikasies deur toonaangewende teoloë in hulle onderskeie lande - albei Westerse lande - was geen toeval nie. Hulle het die tekens van die tye aangevoel en daarop gereageer. Inderdaad word die tydsges d, soos dit in hierdie werkstuk weer na vore gebring sal word, deur hierdie teoloë en ander aangespreek. Die vraag is nou: Wat word bedoel met post-Christelikheid? Wat is die kenmerke van 'n post-Christelike samelewing? Waar het post-Christelikheid begin? Hoe moet 'n verantwoordelike ware Christen hierdie kommerwekkende verskynsel tegemoetgaan? En in die woorde van Leslie Newbegin kan ons vra: "Can the West be converted?"

#### 1.1 TERM-OMSKRYWING

Dit is egter nodig om eers 'n paar sleutel terme, wat deurgaans in die werkstuk gebruik sal word, duidelik te omskryf.

Die volgende twee terme verdien myns insiens deeglike besinning: CHRISTELIKHEID en CHRISTENDOM.

Wanneer ons sê iets is "nie Christelik nie", beteken dit dat die saak aan die Christelike norme gemeet was en te lig bevind is. Hierdie norme word ontleen aan die Woord van God, wat sy finale openbaring in ons Meester Jesus Christus vind en wel in sy leer en lewe soos daarin beskryf. Ofskoon hierdie norme oorspronklik net deur die ware volgelingen van Jesus Christus gebruik was, het dit in die Westerse beskawing 'n algemeen geldende maatstaf geword, ook in die hande van die nominale Christene soos die Christelikheid algaande tot "Westerlikheid" gemaak is.

Dit bring ons by die volgende term naamlik "Christendom". Soos reeds gesien, het die Christelike norme mettertyd die algemene gebruik van die Westerse beskawing geword. Die grootste enkele faktor wat hiertoe bygedra het, was die verklaring van die Christelike geloof as Staatsgodsdienst, in 313 n.C., deur Konstantyn. Voor hierdie gebeurtenis was die Christelike godsdienst hoofsaaklik 'n wêreldvreemde godsdienst wat die Christelike lewenswyse, ooreenkomstig die Woord, in waarheid, gehoorsaamheid en oortuiging toegepas het. Dié besluit van Konstantyn het myns insiens die grootste Babelse verwarring veroorsaak onder al wat Christen en Christelik was, want van toe af is Christelikheid verpligtend gemaak, nie deur die werking van die Heilige Gees nie, maar deur die bevel van die Keiser - 'n gebruik wat totaal vreemd is aan die Skrif! So maak ons kennis met die "naam-Christene" wat ter wille van staatsbestel en eie voorspoed, hierdie dekmantel van geloof gedra het. Ons sou hulle dan noem die "nominale Christene". Alhoewel ons reeds van die Christendom as ware volgelingen

van Christus voor die tyd van Konstantyn kon praat, is die algemene betekenis van Christendom, almal wat onder hierdie vaandel sou gaan. Dit sluit ook al die lande in wat deur die Christendom gekersten is en die Christelike kultuur aangeneem het, hetsy ware of nie ware Christen. Wanneer ek dus voortaan van Christendom of Christelikheid praat sal dit altyd in die wydste sin daarvan wees. Christelikheid en Christendom sal dus hier in 'n onbybelse sin gebruik word en eerder soos dit algemeen wêrelds bekend staan.

## 1.2 'N KEUSE VIR DIE TERM POST-CHRISTELIKHEID

Daar is al baie pogings aangewend om die samelewing van ons tyd 'n gepaste beskrywing te gee. Gewoonlik is dié naam dan gekoppel aan 'n eietydse denkstroom, tendens of paradigma. Nel (1982 : 169) dui op verskillende benamings vir ons eietydse samelewing naamlik: die proses van sekularisasie,<sup>1)</sup> nihilisme, materialisme, kapitalisme, kommunisme, humanisme, rasionalisme, kollektivisme, positivisme "en seker nog ander ook soos die post-Christelike". Ek meen egter dat al die benamings, behalwe die laasgenoemde heeltemal te fragmentaries is en geen oorkoepelende beskrywing bied van ons hedendaagse samelewing en wêreld nie.

---

1) Ek sou dit doogewoon, soos al die ander -ismes wat hy noem, sekularisme wou noem. Sien hoofstuk twee vir 'n verduideliking hiervan.

De Klerk (1979 : 69) praat van die mondige mens van ons eeu as "post-religieus, post-Christelik en in baie gevalle post-kerklik". Die vraag is nou: kan 'n mens post-Christelik wees sonder dat jy post-religieus of post-kerklik is? Hierop moet bevestigend geantwoord word aangesien daar altyd in die mens een of ander vorm van aanbidding sal wees. Die mens kan dus die Christelike geloof vaarwel roep en steeds bygelowig en ritualisties (kerklik) bly. So gesien sou die terme post-kerklik en post-religieus nie voldoende beskrywing bied vir die spesifieke disintegrasieproses van die Christelike geloof nie.

'n Baie meer aanvaarde beskrywing van ons tydsges is nl. die sekulêre wêreld, of beter bekend as sekularisme. Dit is dan 'n wêreld wat verwêreld het, wat mondig geword het en as gevolg van sy rewolusionêre ontdekkings op wetenskaplike en tegnologiese gebied heeltemal "ontgroeï" het aan enige vorm van nuwe geloof in, of afhanklikheid van, 'n onsigbare bo-natuurlike God. "We are moving towards a completely religionless time; people as they are now simply cannot be religious any more" (Bonhoeffer : 1981 : 88). So wys Heyns (1969 : 14) op die "geruislose afvalligheid en koelbloedige onverskilligheid met betrekking tot die godsdiens." Ons sal tereg kan sê die sekulêre mens kan net so goed beskryf word met die term a-teïsties dit wil sê anti-godsdiensig of a-godsdiensig. (Heyns : 1969 : 14) Nog 'n toepaslike term sou wees a-gnosties.

Waar die ateïs die bestaan van God ontken maak dit weer vir die agnostici geen saak of Hy bestaan of nie.<sup>2)</sup> Die mense is dus verby die stadium van geloof. Hulle is dus post-gelowig of soos Bonhoeffer (1981 : 138) dit sou noem: "religionless".

Ons Westerse wêreld het egter sy struktuur en fondasie stewig vanuit die Christelike tradisie verkry. Die Westerse samelewing se geloof en kultuur het ons te danke juis aan die Christelike geloof wat in sy hoogbloeï deur middel van sendingreise die Christendom gekersten het. Om hierdie rede word daar in sinonieme na die "Weste" of die "Christendom" verwys. Wanneer die sekulêre mens dus post-gelowig geword het, het hy eweneens post-Christelik<sup>3)</sup> geword. Geen ander term sou die koelbloedige verdrinking van ons Christelike tradisie en oortuigings in die sekulêre lewensgevoel, beter beskryf nie.

Verder is die term post-Christelikheid die mees aangewese, omdat dit die ware aard van die situasie uitbeeld. Vir die ware Christen is daar net één God wat hemel en aarde gemaak het.

---

2) Wat ateïsme betref moet onderskeid gemaak word tussen die klassieke ateïsme soos die van Nietzsche, wat God totaal ontken, en die protes ateïsme, wat nie kan glo dat daar 'n God is wat die wreedheid van die wêreld toelaat nie. Jürgen Moltmann (1984 : 219) in sy boek *The Crucified God* laat na om hierdie onderskeid te tref.

3) Alhoewel Oosthuizen na sommige van die S.A. swart kerke verwys as post-Christelik, stem ek nie saam met die beskrywing nie. Hierdie kerke was nog ooit werklik Christelik nie en kan dus nie post-Christelik genoem word nie. Ek sou dit eerder Christo-paganisme noem. Oosthuizen, GC 1968. Post-Christianity in Africa : A Theological and Anthropological Study. Stellenbosch : T. Wever.

Daar is ook net één Verlosser wat versoening met God moontlik maak naamlik Christus, die Seun van God. Daar is geen ander waarheid as die Christelike waarheid nie. Die mens wat dus om enige rede hierdie enigste waarheid ontken, is dan inderwaarheid by die enigste waarheid verby. Anders gesê hy is post-waarheid, post-God en post-Christus.

### 1.3 'N BESKRYWING VAN POST-CHRISTELIKHEID

Ons het gesien dat die term post-Christelik die mees beduidende beskrywing van ons hedendaagse samelewing is. Dit is nou nodig om 'n duidelike beskrywing te gee van hierdie begrip.

Ofskoon die term "post-Christelik" ruimskoots deur talle skrywers gebruik word, is daar by geeneen 'n definisie te vinde nie. Prof. Malan Nel (1988 : 3) gee die volgende onbevredigende definisie. Post-Christelikheid is "die lewensgevoel waar mense as gevolg van 'n korter of langer losmakingsproses van die Christelike norme hulleself as onafhanklik van God beleef. In hierdie lewensgevoel maak God nie saak nie, bestaan Hy nie en word daar nie met Hom rekening gehou nie. Die lewensgevoel het reeds ontstaan omdat Hy geen saak of sin maak nie en sonder enige skade of verlies van betekenis uit die lewensruimte weggelaat kan word." Ek noem die definisie onbevredigend om die volgende rede: Christelikheid het twee pole naamlik die individuele of persoonlike pool en die samelewings of kulturele pool. Die definisie sny wel deeglik

aan by die persoonlik geloofsaspek, of soos dit hier genoem word - "lewensgevoel", maar die losmaking van die kultuur self, vanuit sy Christelike erfenis, word myns insiens nie genoegsaam beskryf nie.

Post-Christelikheid is, soos dit gesien sal word, in die behandeling, 'n meer finale staat waar ook die kultuur weinig indien enige Christelike norm, soos dit uit die Skrif ontleen word, oorhou. Kane (19 : 155) raak iets hiervan aan as hy sê: "Man is working harder and living longer, but he is enjoying life less. Western civilization, based on Christian principles, has already begun to decline. We are living, so we are told, in a post-Christian era." "Little by little God has been pushed from the centre to the circumference; and man, with his modern techniques and massive achievements in science and technology, has moved into the centre of the scene. The whole world revolves around a new centre of gravity called man. Man is indeed the measure of all things" (Kane : 160).

Leslie Newbegin (1987 : 2) wys op die duidelike groei van die kerke in Asië en Afrika, terwyl dit in die Weste die teenoorgestelde is. "Wherever the culture of the West, under the name of 'Modernization', penetrates, it carries with it what Lippman called 'the acids of modernity', dissolving the most enduring of religious beliefs including the beliefs of Christians". Dit is egter dr. Francis Schaeffer wat die situasie die beste beskryf en ook in eenvoudige taal: "Men of our time knew the truth and yet turned away - turned away not



only from the biblical truth but also turned away from the many blessings this brought in every area of our culture, including the balance in form and freedom we once had". (Schaeffer : 1984 : 28) Dat hierdie tragiese vervreemding van die Evangelie in 'n relatief kort tydjie geskied het, is duidelik as hy net hierna sê: "It is a horrible thing that sixty years ago you could move across this country and almost everyone, even non-Christians, would have known what the gospel was. A horrible thing that fifty to sixty years ago our culture was built on the Christian consensus, and now this is no longer the case" (Schaeffer : 1984 : 29).

Uit bogenoemde aanhalings is dit duidelik en is al die skrywers dit eens dat daar 'n totale omwenteling gekom het in die ganse samelewing. Dit wil sê die moderne wêreld het religieus en kultureel 'n metamorfose ondergaan. Die Westerse Christendom wat sy wortels diep in die Christelike erfenis van die Reformasie gehad het, het hierdie unieke Christelike karakter prysgegee en sy wortels stelselmatig daaruit onttrek. "The whole culture has shifted from Christian to post-Christian." (Schaeffer : 1977 : 13)

Die volgende definisie sal dan myns insiens reg doen aan die betekenis van post-Christelikheid: Post-Christelikheid is die individuele en kulturele vervreemding van ons samelewing vanaf 'n Christelike oortuiging en lewenswyse, soos dit sy norme en beginsels uit die Skrif ontleen en by tye van die Reformasie uitgewerk is, na 'n Skrifvervreemde sekulêr-humanistiese

kultuur en lewensgevoel waar die mens sentraal staan en God en die Christelike lewensstyl onwelkom en "oorbodig" is.

Dit moet dadelik duidelik gestel word dat die Christendom nog nooit werklik 'n goue era beleef het nie. Selfs in die tye van die Vroeë Kerk, die Reformasie en die kerstening van die Christendom in die Westerse lande, was die skadusye ook maar daar. "But until recent decades something did exist which can rightly be called a Christian consensus or ethos which gave distinctive shape to Western society and to the United States in a definite way."(Schaeffer: 1984 : 47)

Nel (1988 : 1) vra drie vrae: Eerstens: "Is post-Christelik per definisie ook onchristelik? Hierop sal per bg. definisie beslis bevestigend geantwoord moet word. Siende dat die samelewing religieus en kultureel die Christelike lewensstyl en oortuiginge totaal verstoot het, kan dit nie anders as onchristelik bestempel word nie. Alhoewel steeds na hierdie samelewing verwys word as die Christendom, meen ek dat die beskrywing van 2 Timotheüs 3 : 5a hiervoor, duideliker is: "mense wat die gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het." "When we begin to think of them and preach the gospel to them, we must begin with the fact that they have no knowlege of biblical Christianity". (Schaeffer : 1977 : 13).<sup>4)</sup>

---

4) Dit is belangrik om daarop te let dat dr. Schaeffer nie van "knowledge of the Bible" praat nie, aangesien dit juis gaan om 'n onbybelse lewenstyl, terwyl die kennis van die Bybel, soos kennis oor die Groot Trek, aanwesig mag wees.

Tweedens: Is slegs Westerlinge post-Christelik? Weereens sal per definisie hierop positief geantwoord word. Dit is juis die Weste wat geseënd was met die Reformatoriese erfenis. "In Northern Europe, and in the countries such as the United States (En ook Suid-Afrika PN) that are extensions of Northern Europe, the Reformation brought with it an enormous increase in knowledge of the Bible which spread through every level of society." (Schaeffer : 1984 : 22). Dit is juis op dié erfenis wat die Weste sy rug gedraai het, terwyl van die Oostelike beskawings nie dieselfde gesê kan word nie.

Derdens: Is pre-Christelik en post-Christelik werklik so verskillend? Ook hierop moet bevestigend geantwoord word. Die pre-Christelike mens was uitgelewer aan die onverklaarbare, die bo-natuurlike en as hy nie gelowig was nie, was hy bygelowig. "Ja, so intiem was die verhouding tussen die gode en die wêreld, dat die verhale oor die ontstaan van die wêreld meteens ook die verhale oor die ontstaan van die gode was". (Heyns : 1969 : 36). Dit is juis die Christendekers wat besef het die wêreld is vir die mens om te beheer en te verstaan. "Modern science could not have been born at all without a Christian milieu, a Christian consensus". (Schaeffer : 1971 : 10). Die begryp van die natuur en sy wette het egter 'n vergryp geword, God is "onttroon". So sê die Russiese ruimteisiger Joerie Gagarin "Boga njet" (Daar is geen God nie), aangesien hy God nie op sy eerste ruimteis ontmoet het nie. (Du Plessis : 5) Die Christendom, in teenstelling met die pre-Christelike mens, het alles wat bonatuurlik, bomenslik en profaan is negeer. Niks behalwe die

sekulêre het oorgebly nie. "Christianity, however, dedaemonized the cosmos: it denied the existence of the supernatural demons between the gods and humans and left a vast rift between the realms of the human and the divine". (Molnar : 8) Inderdaad is daar 'n groot verskil tussen die pre-Christelike en post-Christelike mens. 'n Wêreldse verskil.

#### 1.4 DIE BEGIN VAN POST-CHRISTELIKHEID

Ons het besin oor die term en sy betekenis. Die vraag is nou of mens 'n pertinente oorgangspunt kan aandui vanaf die Christelike na die post-Christelike. Hierop is geen maklike antwoord te vinde nie, veral wanneer na die toestande in Europa gekyk word voor die Reformasie en ook voor die herlewings, veral in Skotland en Engeland. Dat die situasies van daardie tye baie ooreengestem het met dié van ons dag is duidelik waarneembaar. Dit kan ook nie ontken word dat die huidige post-Christelike toestand van ons samelewing 'n stelselmatige proses deurgegaan het nie. (Sien hoofstuk 2 vir die oorsake van post-Christelikheid)

Muggeridge (1980 : 14) meen dat geensins van 'n post-Christelike era gepraat kan word nie, aangesien Christus self sê: "My ryk is nie van die wêreld nie" en "Hemel en aarde sal verbygaan, maar my woorde nooit nie." Muggeridge redeneer egter meer op die individuele geloofsvlak en hou nie rekening met die kulturele aspek van post-Christelikheid nie.

Schaeffer (1984 : 20) gee 'n duidelike datum en praat van die gees van ons tyd "which has transformed our culture since the 1920's". Ook Bavinck (1967 : 38) dui op hierdie datum (1914 - 1918), "Natuurlik was er reeds lang allerlei gerommel, maar men kan toch het begin van onze eigen periode het beste dateren vanaf de eerste wêreldoorlog. In allerlei opzichten zijn er inderdaad diep ingrijpende wijzigingen gekomen". Verkuyl (1978 : 58) wys daarop dat die nuwe sekulêre lewensgevoel al 'n belangrike punt van bespreking was tydens die Wêreldsendingkonferensie in Jerusalem in 1928. Smith (1985 : 112) dui op 'n spesifieke oorgangsdatum tussen die Christelike en post-Christelike lewensstyl: "since the 1920's secular philosophies, especially humanism, building upon foundations laid in the years between 1820 and 1920, have also powerfully influenced the validation and principles of ethics in American education, politics, economics and society". Hy laat egter nog ruimte vir 'n steeds bestaande Christelike onderbou in ons samelewing. Mens sou kon sê hy verdeel die Weste in twee onderskeie, maar tog ineengestremde kategorieë, 'n Christelike en 'n post-Christelike, wat mekaar opponeer. Dat die tyd aangebreek het om 'n keuse te maak tussen die twee weë, is vir hom 'n uitgemaakte saak. "Today we have reached a point of decision. The roads are increasingly diverging. The first road (Sekularisme PN) leads to death and destruction and the second to life and hope". (Smith : 179)

Ons kan dus 'n duidelike aanwysing vind by hierdie skrywers na 'n spesifieke stadium waarop die post-Christelike era aangebreek het. Hierdie datum is om en by 1920 en het sy

aanloop vanaf ongeveer 1870. Dat die Renaissance en die Aufklärung in geen geringe mate hiertoe bygedra het nie, is nie te betwyfel nie en sal in die volgende hoofstuk in diepte behandel word. Die vraag is egter nou: waarom juis in 1920?

Hierop wys Bavinck (1967 : 38) dat die Eerste Wêreldoorlog, al die aspirasies van die negentiende eeuse geloof in die tegnologiese en wetenskaplike moontlikhede, totaal vernietig het. Dit was duidelik dat die geloof in materiële welvaart, magsuitbreiding en besit, drasties afgeneem het. Saam met aardse heil bring die wetenskap en tegnologie onheil en verwoesting. Nie alleen rewolusionêre hulpmiddels en patente sien die lig nie, maar ook dodelike oorlogstuig, waaronder die atoombom later ongetwyfeld die mees opspraakwekkende was. Die menslike Utopie is aan stukke geskiet en die mens verloor sy geloof in alles. Die Aufklärung het die Christelike norme verstoot, die negentiende eeu het dit vervang en die twintigste eeu het dit vernietig.

Dit is egter ook op kerklike terrein waar die datum 1920 geen geringe betekenis het nie. Grecham Machen, 'n voorstander van die Christelike Ortodokse leer skryf 'n boek in 1924 getiteld Christianity and Liberalism. Dit was gemik op die geweldige aanslag van die Liberalistiese denkrigting wat gedreig het om die Gereformeerde erfenis van Amerika tot niet te maak. Machen word egter afgesit en die oorgrote meerderheid kerke buig voor die Liberalisme. Dit was 'n skuif wat ongekenade skade aan die Christelike kultuur sou bring. "Without this drift in the

denominations, I am convinced that the changes in our society over the last fifty years would have produced very different results from what we have now." (Schaeffer : 1984 : 35)

Buiten Machen verloor die Gereformeerde en behoudende teologie in dieselfde tyd nog twee groot steunpilare. "The death in 1920 of Abraham Kuyper, the widely influential Dutch statesman-scholar, and the passing away the next year of B. B. Warfield, the outstanding American theologian and biblical expositor, left the Reformed community with no leaders of great stature." (Smith : 171)

Inderdaad kan ons praat van die jaar 1920 as die datum waarop ons Christelike erfenis 'n beduidende knak gekry het. Hier het die Gereformeerde leer grootliks sy invloed in die samelewing verloor.

#### 1.5 SIMPTOME VAN POST-CHRISTELIKHEID

Ons het reeds besin oor die term post-Christelikheid en die oorsprong daarvan. Die volgende vraag is nou: hoe lyk die mens wat deel is van hierdie tydsgees? Wat is die uitwerkinge van post-Christelikheid op die mens en sy samelewing? Louw (1980 : 21-22) noem die volgende simptome van ons tyd:

1. Die vrees vir 'n kernoorlog en siekte-epidemies wat die menslike geslag op groot skaal kan uitwis.

2. Die vrees vir 'n bevolkingsontploffing teen die einde van die eeu, en 'n voedseltekort.\*
3. Die ekologiese nood en die vrees vir omgewingsbesoedeling.
4. Die anti-skiëntistiese lewensgevoel en vrees vir die mag van die wetenskap.
5. Die tirannie van die tegnologie.
6. Die tekort aan tyd.\*
7. Die morele vakuum en verlies aan genoegsame lewenswaardes om die mens sinvol te oriënteer.
8. Die probleem van gevestigde belange en internasionale, ekonomiese gulsigheid.
9. 'n Toenemende gevoel van verveeldheid en doelloosheid, veral onder die jeug. Jongmense begin twyfel aan die hoop op 'n sinvolle toekoms.

#### 1.5.1 De Klerk se beskrywing

De Klerk (1979 : 166-171) onderskei die samelewing in drie kategorieë waaronder hy dan die kenmerke van ons dag bespreek, naamlik persoonlik-psigologies, die gemeenskapslewe en die kerklik-godsdienstige lewe.

##### 1.5.1.1 Persoonlik-Psigologies

Depersonalisasie: die mens is alleen nuttig wat sy fisiese produktiewe vermoëns betref, vir sy werkgewer, terwyl sy

---

\* Nie noodwendig simptome van post-Christelikheid nie.



persoon, as geskape na God se beeld, geen waarde het nie.

Anonimisering: wat met depersonalisasie gepaard gaan. Juis omdat die mens bloot tot masjien gemaak word, onttrek hy en verdwyn hy in die grys massa. 'n Vreemdeling tussen duisende ander.

Kollektivering: die enkeling is op soek na sekuriteit en poog om opgeneem te word in 'n groep waar hy aanvaar kan word.

Atomisering: die enkeling se lewe is in twee dele gedeel, naamlik werk en vrye tyd, wat geen aansluiting by mekaar vind nie. Baie se lewe begin eers as die werksfluit blaas.

Sekularisme: as gevolg van die verabsoluttering van die tegnologie, wetenskap en industrie ontstaan 'n krisis van waardes. Die tegnologiese vooruitgang het klaarblyklik sneller vooruitgegaan as die morele kragte van die mens.

#### 1.5.1.2 Die Gemeenskapslewe

- Daar is 'n hoë frekwensie van sosiale en maatskaplike kontak, maar die kwaliteit en diepte daarvan is vlak en onpersoonlik.
- As gevolg van uitbuitery en die onpersoonlike samelewing asook die ambivalente lewensstyl (d.w.s. skeiding tussen werk en tuiste of vrye tyd) van een of beide ouers, is die gesin die grootste enkele slagoffer. So word kinders van kleins af deur ander persone grootgemaak of bring hulle die meeste tyd by die kleuterskool en koshuise deur. Die ouers is oorwerk, het verskillende belange en tydsindelings wat spanning en konflik meewerk.

- Ook op skool word die kinders maklik eensydig gestimuleer in die rigting van 'n wetenskaplik-tegniese of ekonomiese beroep, ten koste van ander beroepe, as gevolg van die eise van die samelewing.

#### 1.5.1.3 Die Kerklik-Godsdienslike lewe

De Klerk se beskrywing stem hier ooreen met die van De Vries. Sien De Vries punt 3.

#### 1.5.2 De Vries se beskrywing

De Vries onderskei ook drie kategorieë naamlik sosiaal-psigologiese, Oikologiese en godsdienslike-kulturele aspekte.

##### 1.5.2.1 Sosiaal-Psigologies

'n Solidariteitsgevoel ontstaan as gevolg van uitgelewerdheid aan onmenslike werks- en samelewingsomstandighede. Daar is 'n sterk groepsbewustheid by verskillende groepe en so ontstaan byvoorbeeld vakbonde.

'n Afhanklikheidsgevoel wat nou verwant is met die solidariteitsgevoel juis as gevolg van oorgelewerdheid aan uitwendige faktore.

'n Waarderingsbehoefte ontstaan vanweë die ondankbare samelewing wat alleen opeis en niks teruggee nie.

'n Sosiale statusbewussyn is die logiese gevolg van die onderverdeling van mense met betrekking tot posvlakke, beroepe, range en inkomste. Menswaardigheid word onregverdiglik deur sosiale status bepaal, dit wil sê hoe hoër op die mens, hoe

belangriker is hy.

'n Digotomie ontstaan tussen werk en tuiste sonder enige raakvlakke, maar ook tussen arbeider of werknemer en bestuur of werkgewer.

#### 1.5.2.2 Oikologies

Die mens het twee leefwêrelde, sy sake en sakevriende en dan sy huis en huisgenote. Hierdie twee wêrelde verskil totaal van mekaar, maar het steeds elk sy eie vereistes. Die beroepsvereistes kry gewoonlik voorrang met die gevolg dat die huislewe versplinter.

#### 1.5.2.3 Godsdienstiq-kultureel (De Klerk noem dit kerklik-godsdienstig)

- In die dinamiese ontwikkeling van die samelewing het 'n norme chaos ontstaan wat sy kerklike beleving beïnvloed. Die mens is gelyk individualis en massamens.
- 'n Algemene gevoel ontstaan dat die kerk faal in sy taak deurdat hy nie die verontregting van die mens in sy werksituasie tegemoetkom nie, maar eerder in stilswye voortgaan.
- Die verhouding tot God word in die werksomstandigheid beïnvloed. Die Christen bevind hom in isolasie, as 'n "social outlaw" wat die norme van die ander dwarsboom.
- Die kerk is te oorsigtelik, dit het self te groot en onpersoonlik geword. Die mens voel hom ook daar vreemd,

daarom neig die mense na kleiner groepies waar hulle mekaar ken en nie verdwyn in die massa nie.

### 1.5.3 Verkuyl se beskrywing

Terwyl bogenoemde simptome meer op die middelklas en werknemer van toepassing is gee Verkuyl (s.j. : 12-13) ons 'n kykie op die hoër stande en meer ontwikkeldes.

1.5.3.1 Intellektuele en materiële hoogmoed vanweë 'n oordrewe statusbewustheid.

1.5.3.2 Ligsinnige geloofsbeleving aangesien enige erns daarmee onfatsoenlik en fanatiek kan voorkom. Geloof is 'n stokperdjie en daaroor word gepraat soos oor kuns, letterkunde en musiek.

1.5.3.3 'n Onvermoeë tot kontak, beide van die hoër stand met die laer stand asook van die laer stand met die hoër stand, vanweë verskillende verwysingsrame.

Wanneer na bogenoemde simptome gekyk word, is dit duidelik dat die mensdom besig is om totaal vervreemd te raak. Hierdie vervreemding het op alle verhoudinge betrekking, naamlik die verhouding tot God, tot die self, tot die medemens, tot die kerk, die kultuur, die natuur en die strukture. Dit is alleen die Christen, die ware Christen wat hierdie gebroke verhoudinge positief kan benader in die wete dat daar 'n lewende God is wat kan red.

Ons kan die simptome van post-Christelikheid in een woord saamvat nl. onmenslik, 'n ontmenslikte samelewing.

#### 1.6 DIE BESONDERE SIMPTOME VAN POST-CHRISTELIKHEID OP DIE GELOOFSLEWE VAN DIE MODERNE MENS

Dit is ongetwyfeld waar dat God altyd sy kerk primêr verantwoordelik hou vir die welsyn van die mensdom en in die besonder sy volk. "Baie herders het My wingerd verniel, hulle het My stuk land vertrap, hulle het My begeerlike stuk land 'n woeste wildernis gemaak, hulle het dit 'n wildernis gemaak: dit treur voor My, verwoes; die hele land is verwoes, omdat daar niemand is wat dit ter harte neem nie." (Jer. 12 : 10, 11) Die kerk sal hom dan duidelik moet vergewis van die toestand van die geloofslawe van die post-Christelike mens. Ons vind by dr. Herman Bavinck (1967 : 47-61) 'n deeglike diagnose van die besonder simptome:

##### 1.6.1 SONDEBESEF

Die mens se besef van sy eie sonde en die daarmee gepaardgaande vrees vir die oordeel en hel het in die laaste vyftig jaar geweldig afgeneem. Daar is 'n antagonisme teenoor enige vorm van piëteit en vroomheid. Sonde en vrees vir die hel word as 'n soort siekte gesien. Ook in die prediking word meer objektief oor God gepreek, sodat die menslike verantwoordelikheid en wat hy is, vervaag, gevolglik voel die mens homself gedistansieërd oor wat daar in sy geloofslawe gebeur. Dit wil nie sê dat daar geen sondebeseft is nie, maar wel dat dit 'n ander vorm aanneem. Dit het nou 'n meer kosmiese dimensie, 'n effek van

die werk van die bose, 'n soort ondeurgrondelike vloek wat op die mensdom rus. Waar Luther gevra het: Waar vind ek 'n genadige God?, vra die mens van ons dag eerder: Waar vind ek 'n genadige naaste? (Jonker : 250)

Vir die individu het sonde 'n soort mag geword waarteen niks gedoen kan word nie en wat nie afgelê kan word nie. So staan die mens magteloos teenoor sy sonde en die sonde. Dit is egter 'n vereensydiging van die Skrifwaarhede. Dat daar bo-menslike kragte is wat op die mens inwerk is wel so (Ef 6 : 12), maar sonde bly in die Skrif allereers 'n daad van die individu (Ef 4 : 27). Die gevolg van hierdie onverantwoordelike houding teenoor die sonde, is dan die geringskatting van die soenverdienste van Christus as losprys vir die sonde van die bekeerling. Sy lewe word meer gesien as die belofte van genade en deelname aan die opstanding. Hierdie aksentverskuiwing is merkbaar in die teologie van ons dag.<sup>5)</sup>

Die negering en ontkenning van sonde het egter 'n sielkundige effek op die mens, omdat hy in sy diepste wese 'n skuldbesef het. Dit veroorsaak oneerlikheid en opkropping van gevoelens wat menseverhoudinge ernstig aantast. Vandaar die geweldige noodsaaklikheid van skuldbelydenis en bieë. "Omdat sommige hulle gewete onderdruk het, het hulle geloof skipbreuk gelei." (1 Tim. 1 : 19b)

---

5) Sien as voorbeeld die teologie van Bonhoeffer, Sölle en Robinson in Hoofstuk 2.

### 1.6.2 SOLIDARITEIT

Nou saam met die sondebeseft hang die gedagte van solidariteit. Die mens wil eers die gevoel van meeleving ervaar met sy situasie, voordat hy die waarheid van die Evangelie sal beproef.<sup>6)</sup> Ook die soewereine werk van God in die verkiesing van die mens, kan die mens die gevoel van magteloosheid gee en daarom die gevoel van solidariteit smee onder die mensdom.<sup>7)</sup> Die psigologie het verder die mens geleer om nie op sigvlak te oordeel nie. 'n Koelbloedige moordenaar kan aangenaam voorkom, terwyl 'n toegewyde gelowige onvriedelik kan lyk. So vervaag die grens tussen Kerk en wêreld. "Een diep scepticisme aangaande die mooglikheid van Christelik leven heeft sich meester gemaakt van velen".

### 1.6.3 DIE ANTITese

Die skeiding tussen reg en verkeerd het verbleek. Alhoewel elke mens in homself 'n norm van positiewe en negatiewe waardes rondra, kan hy dit nie meer in die sameleving terugvind nie, ook nie in die kerk nie. Om dié rede voel baie dat die Christen sy strategie van tese en antitese, asof hy alle dinge reg of ver-

---

6) Bavinck laat hier m.i. te min ruimte vir die voorbereidende en oortuigende werk van die Heilige Gees, ten spyte van die tydsgees van die mensdom.

7) Hierdie gevoel is tegelykertyd 'n eensydige interpretasie van die Skrif asook 'n bewys van die menslike huberis. Eensydig, want dit vergeet al die beloftes van heil aan die berouvolle sondaar. Huberis, want die vlees kan nou eenmaal nie aanvaar dat God soewerein te werk gaan nie.

keerd kan evalueer, moet laat staan. "Christianity has become so self-righteous that I do not see much future for it. It wants to teach. It does not want to learn. It is arrogant. It is suffering from a 'teacher complex'" (Koyama : 70). Ons samelewing het inderdaad in 'n relativisme verval. As gevolg van die aftakeling van die gesag van die Skrif, as hoogste norm en onderwerping daarvan aan menslike oordele, het die vermoë om tussen reg en verkeerd te onderskei verdwyn. Ook die ongeloofwaardige lewensstyl van die nominale Christen het die toepassing van die ewige Skrifwaarhede onder verdenking gebring. Die mensdom wil nie meer aanvaar dat daar 'n beter lewenswyse bestaan nie en beskou diegene wat dit voorstaan as anders en hoogmoedig.

#### 1.6.4 BEKERING

Ook die begrip bekering kom op die agtergrond te lande en word ook in prediking weinig gebruik. Bavinck (1967 : 57) wys dan ook op die feit van selektiewe tekskeuses, waar die gedeeltes met die appél op bekering liefers oorgeslaan word. Ook hierdie verskynsel dui op die skeptisisme wat daar onder die mens van vandag heers. "Het leven is al te zeer onder de ban van het Moderne leven, van zijn haast, zijn angst en bedreiging en ook onder de kosmische macht van de zonde. Bekering als een nieuw begin met werkelijke mogelijkheden is nauwelijks denkbaar" (Bavinck : 54)



Daar word dan ook eerder verkies om ander terme te gebruik soos: oorgawe, tot insig kom, eindelijk sien wat die mens is en wat vir hom wag. "These may be precious words to the Christian - 'personal Saviour', but they are wholly inadequate to instruct a sinner in the way to eternal life. They wholly ignore an essential element of the Gospel, namely repentance." (Chantry : 48) Vir die post-Christelike mens het die woord bekering 'n lastige woord geword. So vra Bonhoeffer (1981 : 92) of daar nie in ons dag belangriker gedagtes is as die van persoonlike bekering nie. Ook die gedagte van die Missio Dei relativeer die noodsaaklikheid van die kerk se taak om die onbekeerde tot bekering te bring en maak sending los van die kerk. So is een van die gedagtes by die Wêreldraad van Kerke te Nieu-Delhi (1961) dat die ganse kosmos en alles daarby inbegrepe deur die soendood van Christus verlos is en slegs nog gerealiseer moet word. (Jonker : 252) Persoonlike bekering het dus oudmodies geword.

#### 1.6.5 DIE ESKATOLOGIE

Waar die vrome mens van vroeër homself vreemd aan die wêreld en kultuur gevoel het, het hy ook sy eskatologiese verwagtinge individueel ervaar. Ook die liedere van die vorige eeue adem hierdie individuele gees. Met die gesekulariseerde mens het sake egter verander. Eskatologie word nou korporatief meegeleef. 'n Duidelike voorbeeld hiervan is die tema wat die Wêreldraad van Kerke van 1961 gekies het, naamlik: "Christus, die hoop vir die wêreld". Ook die kosmologiese werk van die Heilige Gees word deur verskeie teoloë met ywer nagevors. So

is die konsekwensies van die groot twintigste-eeuse teoloog Karl Barth se sieninge dat die ganse mensdom reeds met God versoen is en bestem is vir die Koninkryk.<sup>8)</sup> Die taak van die kerk is bloot om die mensdom hiervan te vergewis.

Die eskatologiese visie van die mens van ons dag is egter baie vlak en temporeel en het eerder betrekking op 'n aardse realisering van die heil. Al meer en meer word die Skrif in verskillende ideologieë gebruik om 'n aardse Utopie te verwesenlik. Ons dink hier aan die ontmitologiseringsteologie van Bultman, die God is dood teologie van Sölle en die Vernuwingssteologie van J.A.T. Robinson.<sup>9)</sup> Boshoff (1968 : 163) wys ook daarop dat die Voorsienigheidsbegrip van die Christen gelowige vervang word met die idee van voortuitgang onder die vaandel van die Wetenskap. Ook die politieke teologie en Swart teologie van ons dag het die hemelse Messias met 'n politieke bevryder vervang. (Boshoff : 1980 : 119)

#### 1.6.6 DIE CHRISTELIKE LEWE

Die Christelike belewenis is nie totaal vreemd aan ons dag nie. So vind ons by baie groepe 'n geweldige drang na

---

8) Alhoewel Barth self hierdie konsekwensies ontken, het teoloë, soos Van Til en Jonker, reeds bewys dat geen ander konklusie gemaak kan word nie.

9) In hoofstuk 2 word aandag gegee aan hierdie teologieë.

herlewing asook die vasklou aan groot Evangeliese figure soos Billy Graham en Jimmy Swaggart. Ons dink ook aan die internasionale beweginge soos Campus Crusade for Christ (CCC), die Young Man's Christian Association (YMCA) en Evangelism in Depth (EiD) wat reuse werk doen vir die behoud en uitbreiding van die Evangelie. Ook die Pentakostalistiese ontwaking van die afgelope dekade is nie te versmaai nie.

Ons vind egter by al hierdie bewegings 'n sterk humanistiese trek en 'n "Synthetic Gospel" (Chantry : 18), waar die Bybel se leer van versoening, skaars aangeraak word. "Many who have 'made decisions' in modern churches and been told in inquiry rooms that their sins have been forgiven, will be surprised as Tetzels<sup>10)</sup> customers to hear, 'I never knew you; depart from me'" (Chantry : 15)

#### 1.6.7 GROTER EERLIKHEID

Die moderne mens is minder tradisie gebonde en maak ook minder van allerhande fatsoenlike reëls. "Hy wil en durft weer meer te leven vanuit wat hij voelt en ziet, al laat hij zich meenemen deur nieuwe tradities van onkerkelijkheid. Maar in alle geval hij is opener. Nou is eerlijkheid een deugd, maar

---

10. Tetzels is die priester wat aflatbriewe verkoop het as skuldvergoeding van sondes in die Roomse kerk, in die tyd van Luther. Juis hierdie gebeurtenis, meen baie historici, het aanleiding gegee tot die Reformasie.

ook een gevaar." (Bavinck : 58) Hierdie openheid en eerlikheid kan die mens in 'n momentele stemming egter duur te staan kom. Hy kan onbedag homself vir altyd losmaak van dit wat tog nog vir hom kosbaar en belangrik is. Bavinck (1967 : 59) meen ook dat die eerlikheid meer egskeidings tot gevolg het, aangesien die mens minder gebonde is aan tradisies, so ook aan die "huwelikstradisie" en as gevolg van onvergenoegdheid makliker skei.<sup>11)</sup>

#### 1.6.8 GEBREK AAN GEESDRIF

Die post-Christelike mens is moeiliker oorreedbaar. "Men is niet zo gauw warm te krijgen voor iets". Die demokratiese samelewing se beloftes het teleurgestel. Die mens word intellektueel gouer groter en het al geleer om alles eers te deurdink en ervaring leer gou dat weinig die moeite werd is. Die verrassingselement word al kleiner en die lewe al meer vooruitbeplan, begroot en geskeduleer. Depressie, misdaad, inflasie, ens. neem toe en entoesiasme, hoop en geesdrif neem af.

---

11. Dit is 'n ope vraag of dié eerlikheid die Bybelse eerlikheid is.

### 1.6.9 DIE BETEKENIS VAN CHRISTUS


As gevolg van die wantroue in die medemens staan die persoon van Christus steeds in die sentrum. Die rede hiervoor het ons egter gesien, is nie die kosbaarheid van sy versoenende werk aan die kruis nie, maar eerder die vraag: Wat beteken Hy vir my vandag? Die mens beleef 'n onmenslike situasie en wil in Christus iets terugkry wat in die gewone bestaan nie moontlik blyk te wees nie. Die begeerte is egter meer selfsugtig geïnspireerd as selfverloënd. Christus word volgens nuttigheid beoordeel en nie aangeroop as gevolg van die besef van eie verdorwenheid nie.

### 1.7 'N SKEMATIESE VOORSTELLING VAN POST-CHRISTELIKHEID

Ter afsluiting van hierdie hoofstuk, word 'n skematiese voorstelling gegee van die ontwikkeling van die Westerse samelewing, vanaf 'n pre-Christelike beskawing, deur die hoogbloei van die Christelike beskawing na die huidige post-Christelike. Sien skema op volgende bladsy.

## PRE-CHRISTELIKHEID


---



0 – 313nC  
Die Christendom  
neem geleidelik die  
Westerse beskawing oor  
in al sy gebruike

## CHRISTELIKHEID


---



313nC – ±1920  
Christendom word  
wêreldgodsdienst onder  
Konstantyn en ondervind  
sy hoogbloeie in die Reformasie  
Woorde Christendom en  
Weste word nou  
sinoniem gebruik

## POST-CHRISTELIKHEID

---



1920 – 1988  
'n Drastiese afname van  
Christelike gebruike in die  
Westerse kultuur vind plaas  
en word vervang met  
humanistiese norme

## HOOFSTUK 2

### DIE OORSAKE VAN POST-CHRISTELIKHEID

Ons het 'n goeie idee gekry van wat post-Christelikheid behels. Dit is egter onmisbaar om ook na die geskiedenis terug te gaan om sodoende die wortels van hierdie denkkees en era na te vors. Sodoende is dit baie makliker om die mens van ons dag te verstaan. "De 'mens is nu' is niet zoo scherp afgescheiden van de vorige eeuw als men wel die feitelijk met heel hum denken vast zitten aan de vorige eeuw of zelfs aan vroegere eeuwen". (Bavinck : 5) Die menslike geslag word nie plotseling beetgepak met 'n nuwe tydsgees nie. Dit is eerder 'n produk van die geskiedenisproses wat stelselmatig ontvou in elke paradigma. Dit is juis hierdie geskiedenis wat ons moet verstaan sodat ons die mens van vandag kan verstaan, nog meer, dat ons hierdie post-Christelike mens kan help.

#### 2.1 DIE ONGELOOFWAARDIGE KERK (Die Rykskerk van Konstantyn)

Baie dateer die wortels van post-Christelikheid selfs sover terug as na die tyd van Konstantyn (313 n.C.). Dit was in hierdie tyd dat die kerk van Jesus Christus seker die mees drastiese verandering van alle tye ondergaan het.

Geen geskiedenisleser is onbekend met die geweldige vervolginge van die Christene in die eerste 300 jaar na Christus nie. "They were beheaded, burned at the stake, and cast into boiling oil. Their bodies were mutilated and tortured in as many different ways as men hostile to their beliefs could invent and devise. Yet their faith often sparkled like a precious stone as they faced their persecutors, and some of them spoke words which have echoed down the long corridors of time". (Houghton : 16) Een van hierdie pragtige getuïenisse is die van Ignatius, die martelaar wat op bevel van keiser Trajanus (98 - 117 n.C) vir die leeu gegooi moes word. 'n Paar oomblikke voordat hy sy vonnis sou uitdien en deur 'n leeu verskeur word, was sy woorde: "Dankie Here dat U my so geweldig eer, dat dit my te beurt val. Ek is die graan van God, bestem om gemaal te word tussen die tande van wilde diere, en dan aan God voorgesit te word as 'n heilige brood". (Houghton : 17) Polycarpus van Smirna (156 n.C.), word net voor sy doodsvonnis deur die proconsul versoek om Christus te laster. Sy antwoord was: "Zes en tachtig jaren dien ik Hom en Hij heeft mij geen onrecht gedaan. Hoe kan ik dan mij Koning lasteren, die mij gered heeft?" (Dankbaar : 26)

Juis hierdie radikale andersheid was die kenmerk van die Christene. Hulle onvoorwaardelike gehoorsaamheid en totale oorgegeewenheid het hulle geloofwaardig gemaak en het ander van die egtheid van Christus oortuig. So skryf Tertullianus (197 n.C) aan die regslui van sy tyd, wat die Christene koelbloedig veroordeel het: "Zo dikwels als wij door worden gemaaid, staan wij in groter getal op: het bloed der



Christenen is een zaad!" (Dankbaar : 29) So was die wêreld nog die ryk van die Satan en die kerk van Jesus, die onwelkome een.

Konstantyn die Grote verander egter sake drasties deur die uitvaardiging van 'n edik waarin die Christene vir die eerste keer in die geskiedenis die reg van godsdiensvryheid ontvang. Hy grond, volgens oorlewering, die rede vir sy besluit op die feit dat hy sy aartsvyand, Maxentius, verslaan het onder die simbool van die Christusmonogram (XP) wat hy in 'n droom gesien het. Dit was egter nie al rede nie. Dankbaar (1974 : 36) wys daarop dat politiek ongetwyfeld 'n rede was, deurdadig Konstantyn deur hierdie wetgewing die eenheid van sy ryk wou behou. Dit is te betwyfel of hy ooit 'n bekeerde Christen was.

"But with toleration came danger. It now became an honour and a distinction to be a Christian. The best positions in State and community were given to them." (Houghton : 20 - 21) Daarmee saam verander die kerk se uiterlike vorm van vodde na swier en rykdom, van wêreldvreemd na wêreldvriend. Die kerk ontvang mag en geskenke. Self Konstantyn skenk groot rykdomme aan haar. Die biskoppe kry beheer oor dorpe en leef soos konings. Konstantyn neem selfs bevel oor van die kerk. "From this time the church became a rich 'corporation', and a worldly spirit entered into it." (Houghton : 21) "Grote menigten stroomden nu tot de kerk toe, velen niet uit overtuigen, maar uit vrees of ter wille van hun positie." (Dankbaar : 38) Die kerk het geword en gedoen wat die wêreld vroeër voor bekend

was. Die eredienste, alhoewel vol uiterlike swier, verander in mistieke leë rituele en die Christen van die Bybel ken nie meer sy eie kerk nie. Kortom, die kerk het haar geloofwaardigheid verloor!

## 2.2 DIE LEER VAN THOMAS VAN AQUINAS

Thomas van Aquinas (1225-1274 n.C) was 'n Italiaanse teoloog en het onder die invloed van Aristoteles 'n kardinale klemverskuiwing in die Christelike leer gebring. Laasgenoemde het die werklikheid waarin ons lewe, in twee verdeel: vorm en materie, dit wil sê, die verhewe wêreld van die denke, ook genoem die geestelike en daarbenewens die laere wêreld van die materiële, die konkrete, liggaamlike dinge. Aquinas sluit hierby aan met sy sogenaamde "twee-nature-leer" waarin die werklikheid in die natuurlike en die bonatuurlike verdeel word. Die natuurlike terrein staan afsonderlik van die kerk, word deur die staat beheer en die mens se outonome verstand is hier van deurslaggewende belang. Thomas was van mening dat, alhoewel die mens tydens die sondeval in sy wil geval het, die gesonde verstand ongeskonde was. (Schaeffer : 1971 : 11). So kan die mens dan deur sy outonome denke, sonder enige hulp van buite, die waarheid ontdek. 'n Logiese konklusie vanuit hierdie gedagte is dat die mens se geskiedenis na God se beeld, dit wil sê 'n ingeboude herkenning van God, asook die openbaring van die waarheid uit die Skrif, van geen noemenswaardige belang is in die verstandelike besinning oor God nie.

Daarenteen word die bonatuurlike terrein deur die kerk, as hoogste vorm beheers. Die kerk, wat eintlik vir Thomas die kerklike ampsdraers beteken, beskik oor die genade (van God : PN) en deel dit uit deur die sewe sakramente van die Roomse Kerk (Zeeman : 12). Schaeffer (1971 : 10) wys daarop, dat "Aquinas' veiw of nature and grace did not involve a complete discontinuity between the two, for he did have a concept of unity between them". Die skade is egter gedoen, die mens is van mening dat hy outonoom die waarheid kan bereik. Sy denke is losgemaak van God. Die naturalisme en rasionalisme, om maar net twee te noem, het ongetwyfeld 'n paar gene afkomstig vanuit die Thomisme. Dit is belangrik om te wys op die doelbewuste negering van Augustinus se leer deur Thomas. Augustinus het die totale vervallenheid van die totale mens tydens die sondeval, asook die soewereiniteit van God sterk beklemtoon. Hierdie Bybelse teologie was net so afstootlik vir die menslike natuur in die Middeleeue soos dit steeds vandag is (Singer : 18). Om hierdie rede wou Aquinas die ongelowige denke van Aristoteles in sy "Christelike" teologie akkommodeer saam met die van Augustinus. Hierteenoor merk Singer (1979 : 23) "Any synthesis between Augustine and Aristotle was only superficial at best, and the underlying differences and contradictions could not be reconciled".

Om saam te vat. Thomas van Aquinas, beïnvloed deur die heidense Aristoteles, skeep die illusie dat die mens outonoom die waarheid kan ontdek. 'n Onweerstaanbare gedagte vir enige ongelowige filosoof of teoloog, wat dan ook in die Neo-Thomisme van die twintigste eeu herleef. (Corduan : 758)

### 2.3 DIE RENAISSANCE

Alhoewel die HAT (1984 : 895) die Renaissance beskryf as die "Herlewing van die Kuns en Letterkunde onder invloed van hernieuide studie van die klassieke oudheid, in Italië begin omstreeks 1450", sou 'n korter, maar myns insiens duideliker, beskrywing wees: die herlewing van die totale menslike kapasiteit waar God op die agtergrond geskuif is.

Hierdie hernude geloof in die menslike potensiaal ontstaan in reaksie teen die denke van die Middeleeuse mens wat homself veranker gesien het in 'n omvattende orde, wat die geheel van sy lewe beheers het. Volgens die Middeleeuse mens is "sy lewe op aarde gesien as 'n lewe wat betekenis het omdat en slegs vir sover dit die begin is van wat die mens hiernamaals kan verwag". (Heyns : 1981 : 18) Die mens van die Renaissance kom hierteen in opstand. As in wese 'n nie-Christelike beweging, (Zeeman : 13) maak die mens homself los van die metafisiese, die "onterende bindinge" van die Middeleeuse denke. Die Renaissance gryp terug, verby die Christelike denke, soos Aquinas, na die antieke denke van die Grieks-Romeinse tydvak en hiervolgens "was die mens skepper van sy eie waarheid en waarde, en deur die borende krag van sy denke is hy voorbestem om die ewige en onveranderlike waarhede te gryp" (Heyns : 1981 : 19). "They claimed that they had broken the shackles of dogma and had freed the mind of man to walk forward in the light of his own reason and to discover the truth which had been neglected and almost forgotten since the fall of the

Roman empire. A new age had dawned for Europe..." (Singer : 25). "Die proses van ontkerstening het begin" (Zeeman : 13). Singer (1979 : 26) wys daarop dat hierdie goue drome nie gerealiseer het nie "only slowly and painfully have historians and literary critics awakened to the pianfull recognition that the glories of the Renaissance were but transient in many respects, and that beneath the surface and the glitter of its accomplishments there lurked the dry rot of intellectual decay." Hy gaan verder en sê dat die Renaissance humanisme 'n doelbewuste negering van die Christelike teïsme, soos ons dit in die werk van Augustinus vind, is.

Net soos Aquinas, word daar ook tydens die Renaissance, 'n lyn getrek tussen mens en God, wat geen ondersteuning in die Skrif kry nie. Ons moet egter noem dat, alhoewel die Renaissance grootliks 'n negatiewe skuif van die mens, weg van God af, beteken het, dit ook bepaalde voordele ingehou het. Die mens bestaan hier en nou, en alhoewel hierdie lewe en aarde verbygaan het, het die mens, by uitstek die Christen-wedergebore-mens, 'n besondere taak om die koninkryk van God op aarde te verkondig. 'n Gedagte wat die escapistiese lewenssiening van die Middeleeue grootliks geïgnoreer het. Ook die belangstelling in die hernieude studies van die antieke tale in die Renaissance, het die weg voorberei vir die Reformasie. Ons Reformatoriese voorouers het danksy die Renaissance, só, 'n arsenaal van hulpmiddels vir studie gehad. "Alles werk ten goede mee vir hulle wat God lief het" (Romeine 8 : 28)

#### 2.4 DIE RASIONALISME

Onder die naam Rasionalisme kom die tendens wat ons reeds by Thomas van Aquinas en die Renaissance raakgeloop het, nl. die geloof in die outonome vermoë van die rede tot bereiking van die waarheid, onder die amptelike banier van die Rasionalisme. "Die verheerliking van die menslike verstand."

Schaeffer (1970 : 177) beskryf Rasionalisme as: "Whatever is related to or based upon mans' power to reason consistently", Die Rasionalisme het 'n pertinente begin, in die persoon van René Descartes (1596 - 1659), met sy bekende stelling Cogito ergo sum (Ek dink, daarom is ek) wat afgelei is van een basiese beginsel: dat die mens by wyse van metodologiese denke die volle waarheid kan ontdek. So sê Descartes: "If I can find a first principle, clear and distinct, all things can be deduced therefrom with more or less clarity". (Singer : 41). Hiermee saam was hy oortuig dat al sy voorgangers, as gevolg van 'n verkeerde beginsel, nooit die lewensvrae bevredigend kon antwoord nie. Descartes sien dit dan sy taak om hierdie waarhede te verwesenlik en begin deur sy eie bestaan te bewys. "Mens kan alleen deur alles te betwyfel enigiets bewys" meen hy en vandaar sy tweede bekende uitdrukking Dubito ergo sum (EK twyfel, daarom is ek). Hy kom tot hierdie konklusie nadat hy selfs sy eie bestaan betwyfel het, maar, konkludeer hy: "deur jou eie bestaan te betwyfel erken die mens dat hy twyfel en daarom is hy". (Singer : 42)

Nadat die mens se bestaan bewys is, is die volgende stap om die bestaan van God te bewys. Sy argument hiervoor bestaan basies uit die volgende: "Enige iets wat so duidelik gegewe is as ons eie bestaan, kan as waarheid bestempel word. Dit is verder duidelik dat ek nie die outeur van my eie bestaan en ervaring is nie. Daarom moet 'n wese bestaan wat nog meer volmaak en volledig as ek is, sodat my eie bestaan gewaarborg is. En, aangesien ons bestaan 'n genoegsame rede moet hê, maar hierdie rede nie in onself gevind kan word nie, moet dit in God te vinde wees." Ons bestaan vereis dus en het die logiese gevolg (volgens Descartes) dat God bestaan. (Singer : 42) Dit is baie duidelik dat Descartes, net soos Aquinas en die Renaissance humaniste, vanaf die mens redeneer na die onbekende. Vanuit die bekende na die "vreemde". "In his insistence on human autonomy and that man may know himself without knowing God, Descartes is rightly called the father of modern philosophy, for he set in motion a trend in thought which has characterized Western philosophy from his day until our own". (Singer : 43) Hy lê so die gedagte dat die mens vanuit homself, en by name vanuit sy verstand, die waarheid kan ontdek. 'n Gedagte "wat vandag nog selfs by baie kerkmense lewe". (Zeeman : 14) Singer (1979 : 43) gaan voort en wys duidelik dat René Descartes, die vader van die Westerse denke, in sy roem op die kliniese rasonele, juis irrasioneel geraak het. 'n Uitstekende voorbeeld is Descartes se antwoord op die vraag hoe die menslike verstand wat, volgens hom, afgesonder is van die buitewêreld en ander mense se denke, in kontak met die werklikheid kan kom. Hierop antwoord hy dan "dat alleen dit wat gedink kan word bestaan".

'n Veel erger konsekwensie van Descartes se denke, is sy begrip van vryheid. Deurdat die mens tot outonome en selfbepalende wese gemaak word, wat enige inwerkinge van Goddelike voorsiening en voorbeskikking ignoreer, verval hy in 'n soort onafwendbare, vryheidlose determinisme. Die mens is een rat in 'n massiewe horlosie en wanneer die veer daarvan afgeloop is, is daar geen hand wat dit van buite af kan opwen nie. Die Rasionalisme van Descartes en sy aanhangers loop oor tot in ons dag en het ongetwyfeld dieselfde irrasionele en vryheidlose implikasies.

## 2.5 DIE AUFKLÄRUNG (Verligting)

In 1784 skryf Immanuel Kant 'n artikel in antwoord op die vraag "Wat is Verligting?". Hy meen daarin dat die Verligting die menslike denkprodukt van die eeue is wat eindelijk geblom het. Die mens het uiteindelik losgekom van sy onvolwasse situasie waarin hy van uitwendige hulp soos die Bybel, die kerk en die staat afhanklik was om hom te vertel wat hy moet dink, doen en glo. Geen mens moet volgens hom afhanklik wees van die belydenisse en tradisies van die vorige geslagte nie. Kant het erken dat die Verligting nog nie die Verligte eeu is nie maar dat dié spoedig op pad was. "The barriers to progress were coming down; the field was now open. The motto of enlightenment was *sapere aude*. Have courage to use your own understanding". (Brown : 356)



Dit is dan in hierdie tydvak wat die Verklaring van Onafhanklikheid van die VSA (1776) en die Verklaring van Menseregte (1789) in Frankryk, die "lig" sien. Sir Isaac Newton dra in geen geringe mate by tot hierdie nuwe era nie. Met sy rewolusionêre ontdekkings en formules, wat vandag nog gesaghebbend is, het hy en ander die Wetenskap na vore gebring, wat vir die mens van die Aufklärung die nuwe waarheid geword het. Waar die vorige baanbrekers soos die Renaissance en Aquinas, teruggegryp het na die klassieke oudheid as bron van inspirasie, het die Verligting, die mens self en sy Wetenskap as oorsprong gebruik. 'n Nuwe godheid het die klassieke vervang en dit sou die natuur, wat volgens onverstoorbare wette verloop wees. Dit is in hierdie konteks dat Alexander Pope (Newbegin : 1983 : 10) sê: "Nature and natures' law lay hid in the night. God said: 'Let Newton be, and there was light'. Alhoewel Newton self nie die godsdiens onder die koepel van wetenskaplike beredenering wou plaas nie, het sy volgelingen nie geskroom om dit te doen nie. Veral die gedagte dat alle fisiese wette 'n universiële toepaslikheid het, het ander gelei om alle fassette van die menslike bestaan onder die mikroskoop te plaas. Ook die Woord van God het nie die dissekteermes vrygespring nie. 'n Duidelike voorbeeld hiervan is die verskillende metodes van Bybelkritiek wat hulle ontstaan uit hierdie denkkees het. Die Bybel het maar net nog 'n boek geword wat deel uitmaak van die antieke literatuur.

(Newbegin: 1986 : 42; Heyns: 1969 : 50)

Die eeu van die Verligting is ongetwyfeld die grootste enkele impuls tot die golf van sekularisasie, waarop die post-Christelike mens van ons dag ry. Dit was 'n stortvloed van nuwe denkrigtings en ontdekkings wat die wêreld van die donker eeue, wat skielik van sy antieke fundamente losgeskeur is, in die verblindende lig van die Aufklärung wakker geskud het. "Een nieuwe optimisme trilt in de harten. Men ziet de natuurlike orde als een gesloten geheel, dat door de mens kan worden ontleed en begrepen, omdat zijn rede analoog is met de goddelijke Rede..." (Bavinck : 15) Die ganse werklikheid is van sy geheimenisse beroof en 'n wetenskaplike antwoord word daarop verskaf. "Daarmee wordt het natuurgebeuren 'entgötterd', het verliest zijn religieus - machisise lading en word concreet gripbaar object van het menslijk denken en handelen" (Bavinck : 14). Dit is egter die verhouding, kerk en wêreld, wat finaal 'n breuk opdoen, wat nooit weer sou heg nie. Copernicus (1473 - 1543), Galileo (1564 - 1642) en Kepler (1571 - 1630) toon onbetwisbaar aan dat die wêreld rond is en dat die mens nie meer geosentries nie, maar heliosentries moet dink (Heyns: 1969 : 50). Die kerk maak in die tyd van Galileo beswaar teen die rewolusionêre siening en eis dat hy sy verklaring moet terugtrek. Galileo doen dit maar die tyd bewys hom reg en die Kerk... verkeerd! Die intellektuele mens verloor só sy geloof in die geloof. "Voortaan sou die alleenreg op die waarheid aangaande die wêreld slegs aan die Natuurwetenskap toekom en die teologie sou geen funksie meer hê om te vervul nie". (Heyns: 1969 : 50). "God wordt de grote Voorzienigheid, die deze ordelijke wêreld in elkaar gezet heeft, die de mens begiftigd heeft met wat hy tot dit leven nodig heeft en die nu verder het verloop van de geschiedenis

aan de mens overlaat". (Bavinck : 16)

Die Aufklärung-mens het inderdaad geglo dat God Hom aan die wêreld onttrek het, 'n gedagte wat geweldig sterk by die post-Christelike mens voortleef, en dat die mens met sy vermoëns nou moes "pa" staan. Stelselmatig word die Christelike geloof op alle lewensterreine vervang:

#### 2.5.1 Godsdienstig:

Die mens dink deïsties naamlik, dat God geskep en onttrek het en die natuur nou immanent wetmatig voortgaan. So word ook Christus self van sy Godheid gestroop en gesien as 'n mens, 'n leraar van 'n redelike, natuurlike godsdiens (Heyns : 1969 : 53). Prakties het die mens god geword.

#### 2.5.2 Sedelik:

Die norm is hier nie meer gesoek in die norme soos God dit in sy Woord openbaar nie, maar in die rede en gewete van die mens. Die Aufklärung het geweier om die wortel van die kwaad in die mens self en sy gevalle toestand te sien. (Singer : 72)

#### 2.5.3 Regtelik:

Ook hier is 'n stelsel gesoek waar die mens vry sou staan van historiese beginsels. Die enkeling sien deur 'n redelike wilsbesluit af van bepaalde natuurlike regte en skenk dit aan die maatskappy om deur hom beskerm en regeer te word. "Die Verligting het dus, deur so te redeneer, die staatkundige in die natuurreg, dit wil sê in die wet van die natuur, gefundeer". (Heyns: 1969 : 57) So meen Hugo Grotius (1583 - 1645) dat

selves God by die aantref van die natuureg, dit nie eers sal of sou verander nie.

#### 2.5.4 Opvoeding:

Soos reeds aangedui is, het die Aufklärung geglo die mens was potensieël volmaak en dat sy huidige staat van onvolmaaktheid te wyte is aan onkunde. Die tydelike gebrek sal op natuurlike wyse deur opvoeding aangevul word. So meen Rousseau (Heyns : 1969 : 57) "In die selfwerksaamheid van die leerling kan die rol van die gewete nooit oorskat word nie, want dit is 'n Goddelike instink, onsterflike en hemelse steun, veilige gids en regter oor goed en kwaad, wat die opgroeiende kind die weg en koers sal aanwys om self die hoëre waardes te vind." Dit is egter veral Immanuel Kant (1724 - 1804) wat die klimaks van die Verligtingsdenke verteenwoordig. Oor hom sê Brown (1984 : 599) "No other thinker has so profoundly influenced the course of nineteenth and twentieth century philosophy and theology." Kant glo in die absoluut vrye, outonome en mondige mens. Hy verwerp alle metafisiese kennis. "Claims to metaphysical and theological knowledge involve hopeless contradictions that the human mind is not equipped to resolve." (Brown : 599) 'n Duidelike illustrasie is sy siening van die Christelike leer. "Kant saw Christianity as a way of teaching ethics for the philosophically unsophisticated. Jesus was for him an enlightened moral teacher whose life exemplified his teaching". (Brown : 600)

Ons sien dus dat die grootste enkele oorsaak van ons post-Christelike bestaan, ongetwyfeld in die Aufklärung lê.

Waar die Renaissance hoofsaaklik 'n beweging in die aristokrasie was, het dié beweging die ganse menslike bestaan omvat en omvorm. Die volgende is duidelike resultate van die Aufklärung:

- (a) Geloof en kennis is finaal geskei.
- (b) Die kerk en Christendom is as ouderwets gesien.
- (c) Die mens is as inherent goed beskou, dit wil sê die mens se verderflike toestand as gevolg van die sondeval (Rom 3 : 23) is ontken.
- (d) Die wetenskap het God as die bron van waarheid vervang. God het (aldus die Verligting) oorbodig geword.
- (e) Die platform is gelê vir die outonome sekulêre mens wat homself, met die hulp van die negentiende en twintigste eeuse ontdekkings wat sou volg, totaal van God en Christus sou vervreem. Die post-Christelike mens was oppad.

Schaeffer (1986 : 71) gee 'n netjiese beskrywing van die era "The enlightenment was founded on the opposition to the supernatural and upon belief in all sufficiency in human reason. It held to the perfectibility of human society." Singer (1979 : 72) som egter die dilemma van dié utopiese siening voldoende op as hy sê: "If man is not inherently and essentially evil, then how can the persistence of evil be explained? This was the question which haunted the leaders of the enlightenment, for they were very much aware of the fact that men who were inherently good lived in a society which was very wicked."

## 2.6 EKSISTENSIALISME

Reaksie teen die rasionalisering van die ganse werklikheid het nie uitgebly nie. 'n Groot gedeelte van die mensdom kon die afskaling van die mens tot 'n blote denkmasjien deur die Rasionalisme, Naturalisme en die Verligting, nie meer verduur nie. Die beweging wat hieruit ontstaan is die eksistensialisme onder leiding van Sören Kierkegaard, Karel Jaspers en Jean Paul Sartre. Schaeffer (1970 : 176) beskryf eksistensialisme as volg: "A modern theory of man that holds that human experience is not describable in scientific or rational terms. Existentialism stresses the need to make vital choices by using mans' freedom in a contingent and apparently purposeless world".

Die woord eksistensie wil dan aandui, nie net dat die mens bestaan nie, maar ook hóé hy bestaan, nl. nie as 'n afgeronde en voltooide wese nie, maar as essensieël oop en onvoltooid. Dit wil sê, nie 'n masjien wat vasgevang is in 'n geslote sisteem van oorsaak en gevolg nie, maar eerder 'n unieke wese wat uit homself kan tree en inhoud aan sy bestaan kan toeken.

(Heyns: 1981 : 31)

Ons sien dus dat die eksistensialisme 'n absolute teenpool vorm teenoor die kliniese en onpersoonlike denkrigtings soos reeds beskryf. Wanneer die sake egter van nader beskou word is dit duidelik dat die eksistensialiste nie werklik enige antwoorde kon bied nie en maar net nog 'n poging was van die ongelowige

mens om betekenis aan sy bestaan te gee. Soos Singer (1979 : 269) dit stel: "All existentialist thinkers betray a haunting dissatisfaction with modern philosophy and an emptiness of spirit which they seek to overcome". In die eksistensialisme herken ons 'n duidelike eienskap van die post-Christelike mens. Dit is nl. 'n vernet teen die betekenisloosheid wat die algemene wêreldsiening bied, deur die daarstelling van 'n alternatiewe mensbeeld. Die ironiese is dat die mens egter steeds die mens as waardegewer van die lewe sien, in teenstelling met die antwoord van die Bybel, dat God aan die mens en die wêreld waarde gee. Die eksistensialis, net soos die post-Christelike mens van vandag, bevind hom dus na al sy woelinge terug by sy wetenskaplike teenstanders, in dieselfde bootjie waar die mens die antwoord moet gee. Dit is egter 'n bootjie sonder kompas en sonder God.

## 2.7 LIBERALISME

Dit sou 'n verhandeling op sy eie wees om liberalisme volledig te omskryf en Pierard (1984 : 633) is korrek as hy sê, "It is a extremely elusive concept". Machen (1983 : 2) beskryf dit as volg: "The movement designated as 'liberalism' is regarded as 'liberal' only by its friends; to its opponents it seems to involve a narrow ignoring of many relevant facts." Hy dui ook op die vele skakerings en vorms van die liberalisme.

Liberalisme, ook genoem 'modernisme' of 'neo-protestantisme' (Ramm : 322) vind 'n goeie beskrywing in die Afrikaanse

woord vrysinnigheid en laat hoofsaaklik die klem val op menslike vryheid "wat gebou is op 'n naturalistiese fondament en wat feitlik die hele na-Renaissance denke omvat en onder die dekmantel van individuele vryheid, elke vorm van gesag, waaronder ook die Woord van God, ondermyn en alle mense as wesenlik gelyk, vry, selfstandig en van nature goed en sonder enige kwaad beskou" (Roos : 29). Van der Watt (1980 : 27) wys dat dit ontstaan het in die agtiende eeu en hoofsaaklik twee fundamente het naamlik 'n geestelike-ideële sy, wat ontleen is aan die Aufklärung met die moderne, selfgenoegsame mensbeeld en 'n praktiese sy, ontleen aan die Franse rewolusie, met sy slagkrete: "Vryheid, Gelykheid en Broederskap."

Een faset van liberalisme wat myns insiens die grootste oorsaak het tot ons post-Christelike era, is die teologiese liberalisme. Dit begin in die Duitse teologie (Ramm : 322) met die sogenaamde "gevoelsteologie" van Schleiermacher, waarin die geloofsbeleving van individu tot individu verskil en beskryf word as 'n "afhanklikheidsgevoel" tot God, en eindig in Barth se kommentaar op Romeine, waarin God as die "gans andere" beskryf word. Dit lyk of Van Bommel (s.j. : 15) hiermee saamstem as hy sê "... een ding staat vast: Barth heeft gedaan wat hij kon, om op zijn wyse de liberale theologie de doodsteek te geven." Ek meen egter dat Karel Barth een van die grootste enkele bydraers is tot die liberale teologie van ons tyd. Sy universiële verlossingsleer (Van Bommel : 20), sy sogenaamde "Christ-Event" (Singer : 306) en "gans andere" Godsbeskouing, waaroor Van Til (1967 : 130) sê: "Sad to say, however, the 'absolutely other' God of Barth is absolutely other only in the way that a sky-rocket is 'absolutely other' to the mind of a



child", laat ruimte vir 'n legio onbybelse interpretasies. My siening word gedeel deur Singer (1979 : 311) as hy sê: "Barth's insistence on the unhistorical character of the factual contents of the Scriptures invited further distortion of the biblical message in the hand of such thinkers as Rudolf Bultman, Paul Tillich, Reinhold Niebuhr, and many others...".

Die hoofdoel van die totale liberale teologie is om die Bybelse inhoud en terme aan te pas by die moderne mens van ons dag. Hulle meen dat die Skrif losgemaak moet word uit die konserwatiewe kled waarin God dit geklee het en aangepas moet word by die post-Christelike mens. Dit wil hulle doen deur die "essence of Christianity" te behou en die partikulêre sake soos Christus se opstanding uit die dood te ignoreer, aangesien dit vatbaar vir wetenskaplike bevraagtekening is. (Van Til : 6) So word die Skrif van sy gesag ontnem as onfeilbare Woord van God en blootgestel aan die arrogante menslike rede wat in werklikheid in vyandskap met God is. (Rom. 8 : 7)

Schaeffer (1986 : 34) dui die oornam deur die liberale teologie in Amerika in die negentien dertigs, as 'n onmiskenbare oorsaak van ons huidige post-Christelike bestaan aan. Die hoogtepunt en ook finale oorwinning van die liberales, was die afsetting van Grecham Machen in 1924. Die boek van Machen "Christianity and Liberalism" verskyn dan in hierdie tyd en sou die laaste bastion teen die aanslag van die liberalisme wees. Schaeffer meen verder dat sonder hierdie liberale intrede, ons samelewing totaal anders sou lyk vandag.

"Without this drift in the denominations, I am convinced that the changes in our society over the last fifty years would have produced very different results from what we have now." (Schaeffer : 35) Hy wys verder op die interessante feit dat dit die Duitse kultuur slegs tagtig jaar geneem het om in duie te stort sedert die toepassing van die historiese kritiese metodes op die Skrif deur die liberale teoloë.

In die laaste sestig jaar het die konsensus waarop ons Christelike kultuur gebou was, na 'n konsensus wat op die Aufklärung gebou is oorgegaan, "... that is, to a consensus that stands in total antithesis to Christian truth at every point - including the denial of the supernatural; belief in the all-efficiency of human reason; the rejection of the fall (sondeval : PN); denial of the Deity of Christ and his resurrection; belief in the perfectibility of man; and the destruction of the Bible." (Schaeffer : 35) Liberalisme, kan ons dus sê, is die vrysinnige en ongelowige tendens van die menslike natuur om die Godgegewe norme van die Skrif te vervang met menslike norme, met as uiteinde die ineenstorting van die eenheidskultuur. Saam met die Aufklärung kan ons dit ongetwyfeld beskou as van die grootste oorsake tot ons huidige post-Christelike kultuur. Machen (1983 : 7) het die laaste woord as hy sê: "Modern liberalism not only is a different religion from Christianity but belongs in a totally different class of religions."

## 2.8 HUMANISME

Dit is ongetwyfeld so dat daar geen woord oor die humanisme geopper kan word sonder dat die Renaissance ook genoem word nie. Soos reeds gesien het die Renaissance-humaniste in felle teenkanting gestaan téén die sogenaamde "onterende bindinge" van die Middeleeuse denke en kan die wortels van die sekulêre humanisme daarin (in die 16de en 17e eeu) teruggevind word. Die woord humanisme is die produk van 'n paar Latynse woorde. Humanis soos ons dit in Latyn vind beteken mens, humanum beteken menslike en humanitas staan vir menslikheid. Wanneer ons dus van 'n humanistiese mensbeskouing praat is dit in 'n sekere sin 'n toutologie wat sou beteken "'n menslike mensbeskouing of 'n mensbeskouing oor die mens". (Heyns : 1981 : 18) Hoe dit ookal sy, in die humanisme staan die mens in die middelpunt. Schaeffer (1986 : 105) stel dit sterker "Humanism is the defiant denial of the God who is there, with man defiantly set up in the place of God as the measure of all things". Die gronde vir so 'n sterk uitdrukking word duidelik wanneer ons die twee vernaamste vorms van humanisme, nl. dié Bybelse humanisme (Dankbaar : 105) en die Sekulêre humanisme, van nader beskou. Dit is egter baie belangrik om in gedagte te hou dat die verskillende vorms van humanisme onderskei kan word, maar nooit geskei mag word nie, aangesien dit deurgaans dieselfde tendens is wat hom maar net elke keer in 'n ander gedaante in die geskiedenis vergestalt.

### 2.8.1 Die Bybelse Humanisme

Belangrike name hier is Wessel Gansfort (1419-1489) en Desiderius Erasmus (1469-1536). Hierdie geleerdes het hulle letterkundige kennis in diens van die Bybel gestel en dan daarmee die tradisionele leer van die Roomse kerk asook sy gebruike gekritiseer. Ons kan dus in 'n sekere sin na hulle verwys as voorlopers tot die Reformasie (Dankbaar : 105). Hulle wou egter nooit met die Roomse kerk breek nie en wou dit van binne hervorm. (De Jongh : 153) Erasmus was ongetwyfeld die grootste naam onder die humaniste. Hy beywer hom vir die terugkeer na die klassieke beskawings van Griekeland en Rome wat volgens hom die toonbeeld van die ideale wêreld, gemeenskap en kuns om te lewe, is. (Heyns : 1981 : 20) Hy poog om die mensdom na 'n hoër stand te ontwikkel en sien Jesus Christus as ideale voorbeeld en leermeester. "Het edele, waarnaar ook heidenen streefden, was in Hem (Jesus PN) belichaamd". (De Jongh : 153)

Die probleem met Erasmus, soos ook met Gansfordt en ander humaniste, was dat die absolute gesag en Goddelike inspirasie van die Skrif, nie onvoorwaardelik aanvaar was nie. (Heyns : 1969 : 48) Die Woord van God was slegs 'n handboek vir die opvoeding van 'n nuwe mensheid en het nooit die finale sê gehad nie. Die humanis is nooit bereid om homself te ontbloot nie. 'n Uitstekende voorbeeld is dat Erasmus, alhoewel hy aanvanklik die Reformasie aangehelp het, nie bereid was om saam met Luther die stryd met die Roomse kerk aan te knoop nie. Hy het eerder teen die Reformasie begin

skryf. So kom hy en Luther in botsing oor die mens se vrye wil. Erasmus meen die mens het 'n vrye wil en kan dus vir, of teen God kies. Luther bestempel dit as onskriftuurlik en wys dat die mens 'n slaaf is in sy keuse. Hy is nie vry om te kies nie, maar kies, soos die perd onder sy ruiters, of deur die werking van God, óf deur die werking van die Satan. (De Jongh : 166)

Die humaniste sê dus "Die ware geloof vra nie na dogmas nie, wil nie deurdring tot die geheimnisse van die maagdelike geboorte, uitverkiesing of Goddelike Drie-eenheid nie, maar vra na die wyse waarop ware harmonie in die persoonlike en die sosiale, in die kerklike en die politieke lewe verwerklik kan word - dit vra na die ware menswees van die mens".

(Heyns : 1969 : 49) Dit is nie moeilik om in hierdie humanistiese teologie van Erasmus e.a. dieselfde note te herken as wat ons maar te dikwels in ons eie era hoor nie. Die punt is net dat geen mens 'n ander mens, of die mensdom, hartgrondig kan verander sonder die totale gehoorsaamheid aan die Woord van God nie. Die pogings van die humaniste om die mensdom op te knap misluk dan, (De Jongh : 152) terwyl die Reformasie daadwerklike veranderinge meebring. Die Weste het die vrugte van die Reformasie gepluk. Dit is egter hierdie Christelike erfenis wat stelselmatig besig is om weg te kwyn en te ontaard in 'n post-Christelike era.

### 2.8.2 Sekulêre Humanisme (Sekularisme)

Waar die Bybelse Humanisme nog in 'n mindere of meerdere mate in God geglo het soos Hy in die Skrif geopenbaar word, het die sekulêre humanisme God heeltemal geïgnoreer of Hom so gebruik asof Hy 'n blote instrument in die mens se hand is. Ofskoon geen vorm van humanisme goed te praat is nie, is dit so dat daar, veral in die sekulêre humanisme, 'n merkbare drang te bespeur is wat die mens meer en meer van God losmaak. So wil Erasmus nog die Christendom met die heidendom saamsmelt, terwyl Sölle van die "God wat dood is" praat.

Dit is moeilik om te besluit wat 'n oorsaak en wat 'n gevolg van post-Christelikheid is. So vind ons in die sekulêre humanisme 'n oorgangstadium en kan dit as beide oorsaak of simptoom gesien word. Alvorens ons na die bydraes van 'n paar sekulêre humaniste gaan kyk en aangesien die begrip humanisme reeds behandel is, moet ons eers oor die woord sekularisme besin.

Sekularisme beteken 'n wêreld sonder God. Soos reeds aangedui, het die mens by die besef dat God die wêreld geskep het, ook besef dat Hy die wêreld vir die mens gegee het, om wetenskaplik te ontdek en te bewerk. Dit het dan gelei tot voorheen ongekende wetenskaplike en tegnologiese prestasies. Die mens het so vasgevang geword in die wonder van sy skeppingsmag, dat hy nie meer in gedagte gehou het dat hy skep uit wat die Skepper reeds geskep het nie. Die onderskeid is getref tussen

die wêreldlikheid van die wêreld en die Goddelikheid van God en hierdie wêreldlike wêreld kan sonder kerklike tug en teenstand ontgin word, want die mens is daartoe geroep (Gen 1 : 28) en daarvoor toegerus. Dit is dus geen sonde om die aarde na sy maksimum te ontwikkel deur die mens nie, alle vooruitgang is beslis nie sonde nie. Ons moet egter onthou dat God die bevel "bewoon die aarde en bewerk dit", aan die mens gegee het voor die sondeval. Die mens het egter met sy huberis die opdrag oorskry en dit tot 'n vloek gemaak. Dit is dus baie belangrik om te onderskei tussen sekularisasie en sekularisme, aangesien dit glad nie so na verwant is as wat algemeen aanvaar word nie.

Sekularisasie is die noodgedwonge historiese proses van bewoonbaarmaking van die aarde. "... die klein winkelgeboutjie in die skaduwee van die massiewe kerkgebou het groot geword en op die oop plein rondom die kerk het talle ander geboue verrys en die hoogte ingeskiet. Hulle het die kerk verbygesteek, want dié het nie hoër geword nie". (Heyns 1969 : 19). Die mens word meer, dus word sy aardse behoeftes meer, asook sy kennis en vernuf. "Naas sy afhanklikheid van God het die mens nou ook sy selfstandigheid voor God besef."<sup>1)</sup>

---

1) Heyns J.A. Sterwende Christendom? 1969 - Die vraag is nou of dit nie stellinge soos hierdie is wat die sekularistiese tendens in ons denke aantoon nie. Kan die mens werklik selfstandig voor God staan? Moet die stelling nie meer genuanseerd "as gehoorsaam selfstandig" uitgedruk word nie?

Ons kan dus heel regmatig sê: "Sekularisasie is die historiese proses van die mens se geestelike en kulturele groei en selfstandigwording. 'n Proses wat die ganse geskiedenis oorspan. Ons sou ook kon sê sekularisasie is die verlies van die bewussyn om op aarde 'n vreemdeling te wees". (Heyns : 1969 : 30)

Ek meen dus dat 'n goeie voorbeeld van sekularisasie is toe Adam sy ploeg in die onbewerkte grond geslaan het buite die tuin van Eden. Meer nog kan ons sê hier het die historiese proses van sekularisasie al begin. Sekularisasie het egter gou sekularisme geword, toe die mens met die Toring van Babel self sy wêreld tot hemel wou ombou.

Sekularisme is dus die moedswillige strewe van die ongelowige mens, om by wyse van sy menslike vermoëns, ontdekkings en tegnieke, hemel op aarde te skep. Dit dan in plaas van die Goddelike opdrag om die vervloekte aarde (Rom. 8 : 20 - 22) bewoonbaar te maak, tot tyd en wyl God dit sal verlos op die dag van wederkoms.

Ek is dus versigtig vir die stelling van Heyns (1969 : 31) as hy sê: "Sekularisme is dus nie net negatief nie, maar ook positief : dit is enersyds 'n afsnyding van God, van Sy openbaring, van die Kerk, van die Christelike godsdiens, maar andersyds ook 'n binding aan die wêreld, aan die mens en sy moontlikhede." Dit is ongetwyfeld so, dat die Christen nie



passief moet wag op die Wederkoms van Christus, terwyl die wêreld en duisende siele om hom vergaan nie. Dit is, myns insiens, egter net so dodelik om aan die -isme van sekularisme enige positiewe konnotasie te heg, veral in die teenwoordigheid van die sekulêre mens van ons dag. Die terme sekularisasie en evangelisasie ontnem die begrip sekularisme van enige positiewe nuanse.

Die definitiewe onderskeiding tussen sekularisasie en sekularisme los Loen (1967 : 9) se probleem op as hy vra: "Is God's presence in the world, in Christ and in the Holy Spirit different in kind from that on which doubt is cast by what we call secularization? If this were so, the secularization would be grappling with a fictitious God, the true God standing in quite a different relationship to the world from that which secularization postulates." Sekularisasie is onvermydelik, sekularisme daarenteen is 'n godsdiens op sy eie. "While secularism may not indicate theoretical atheism, it certainly does represent practical atheism" (Young : 477).

Sekularisme is dus niks anders as die geloof van die sekulêre humanis nie en prakties is daar myns insiens geen verskil tussen sekulêre humanisme en sekularisme nie. Ons kyk vervolgens na die bydraes van die voorlopers van sekulêre humanisme:

2.8.2.1 Friederich Nietzsche (1844 - 1900)

"I call Nietzsche the radical humanist. He strips humanism of all its frills, of everything in which tends towards a synthesis with Christianity : for he realizes that any position which tries to compromise between following Christ and following Dionysius ('n Griekse afgod PN) is untenable and doomed to despair... Rationalism camouflages the choice facing modern man; positivism ignores it, Nietzsche faces it squarely" (Van Riessen : 10) Nietzsche meen dat God en mens onmoontlik naas mekaar kan staan, aangesien die mens, só, nooit tot volheid kan ontwikkel nie. Hy sien die godsdiens en dan veral die Christelike geloof as die manier waarop die swakkeling homself op aarde handhaaf, en die Christelike terme soos nederigheid, sagmoedigheid, en mededeelsaamheid, as verskonings van die gelowige om sy swak persoonlikheid en wil te beskerm. Hy maak 'n duidelike onderskeid in die mensdom tussen die sterkes en die swakkes. Die priesters en gelowige leiers is dan volgens hom, die slinkse instrumente van die swakkeling wat die sterkes subtiel ondermyn met godsdienstig begrippe en so die wêreld stuit in sy strewe tot volle mondigheid. "Daar mag geen God bestaan nie, want as Hy bestaan, kan die mens nie word waartoe hy geroep<sup>2)</sup> is nie. ... As God wel bestaan het, sou ons van Hom ontslae moes raak" (Heyns : 1969 : 68). Nietzsche sien dan die Christelike geloof as die grootste tragedie wat die samelewing getref het en die

---

2) Die vraag is: Kan mens van geroep praat as daar niemand by Nietzsche is wat roep nie?

wêreld moet nou opmaak vir wat hy in die laaste tweeduisend jaar verloor het. "The god of decadence is the god of the weak; and weak call themselves the good" (Van Riessen : 22). Vir hierdie ateïs het die moderne mens, met al sy vaardighede, die Christendom finaal ontmasker as 'n illusie en die taak van die sogenaamde sterkes was nou, om die wêreld van hierdie besef te oortuig. "Christianity turned itself and its nihilistic life-denying morality against its own God, and finally became simply a denial of life, with its fictitious basis exposed" (Van Riessen : 25). Vir Nietzsche het dit dus gegaan om die redding en die handhawing van die mens se wesenlike waardigheid en dit was slegs moontlik indien God as dood verklaar word, die waarheid as valsheid en die moraal as immoraliteit. "Dat daar vanuit hierdie gedagtes van Nietzsche 'n onberekenbaar groot stimulus tot die sekularistiese denke van ons tyd gegaan het spreek vanself" (Heyns : 1969 : 69). Is dit nie so dat elke mens iets van Nietzsche in sy binneste verdoesel nie?

#### 2.8.2.2 Adolf von Harnack (1851 - 1930)

Von Harnack meen dat daar 'n verskil is in wat Christus self op aarde gesê het en wat daarna in die Skrif en dogma vasgelê is. So is die Evangelie na Paulus se leeftyd, eers deur die Griekse denke beïnvloed en het toe in 'n vorm wat aangepas is, by die behoeftes van die spesifieke tyd sy finale beslag in die Woord gekry.

Hy meen dan dat Christus se prediking veral rondom drie sentrale temas draai naamlik:

- a) Die ryk van God en sy koms.
- b) God die Vader en die oneindige waarde van die menslike siel.
- c) Die betere geregtigheid, waaroor die Nuwe Testament handel, en die gebod van die liefde.

"Het blyckt, dat het rijk van God by Von Harnack een gebeuren is in het innerlijk van de mens : God wordt in het hart erkend als Heerser en als koning" (Van Bemmell : 12). Verder meen hy dat alle mense kinders van God sal word en dat die menslike siel van onskatbare waarde is. Die lewe van Christus kan as 'n soort ethos geïnterpreteer word. Von Harnack het selfs gesê, "dat het ganse Evangelie als een etische boodskap kan worden samengevat zonder dat deze boodskap daartoe aan waarde verliest" (Van Bemmell : 12).

Dit is dus duidelik dat by Von Harnack geen nodigheid gesien word vir skuldbesef, versoening, bekering en geloof nie, maar dat die mens (alle mense) slegs opgevoed moet word tot saligheid. Ons vind by hom 'n gemoderniseerde evangelie wat hopeloos faal om aan die Evangelie van die Skrifte reg te laat geskied, maar wat vandag onder duisende, sogenaamde Christene, posgevat het. "Success is the name of the game today, not only out there in the world, but inside the church as well. Humility is out and self-esteem is in ..." (Hunt : 14). Op die spore van Von Harnack het baie liberales gevolg, waarvan slegs 'n paar hier behandel sal word. Ek meen deur dié paar te

behandel 'n duidelike beeld ontgemaak wat aangetuig die  
koninklike koninklike in die koninklike koninklike

### 2.8.2.3 Dietrich Bonhoeffer (1906 - 1945)

"No contemporary discussion of Christianity and secularism can  
escape dealing with the provocative Letters and Papers from  
Prison penned by Dietrich Bonhoeffer" (Gill : 997) Ofskoon  
daar baie ondersteuners vir die teologie van Bonhoeffer is,  
noon Gogarten, van Buren, Cox en Kenneth Hamilton, is dit  
duidelik vanuit sy werke, dat sy teologie Godslasterlik is.  
Ons vind 'n duidelike illustrasie van hierdie onskriftuurlike  
taal in 'n brief wat hy op 27 Junie 1944 aan sy vriend,  
Eberhard Betge, geskryf het. Hy noem hierin dat die siening  
wat huldig dat daar in die Ou Testament van 'n ewige verlossing  
gepraat word, 'n mite is en meen dat dit daar net om 'n  
historiese verlossing gaan. "To the objection that a crucial  
importance is given in the Old Testament to redemption it may  
be answered that the redemption referred to here are  
historical, i.e. on this side of death, whereas everywhere  
else the myths about redemption are concerned to overcome the  
barrier of death. The redemption myths try unhistorically to  
find an eternity after death". (Bonhoeffer : 1981 : 119)  
Sekerlik het God ook sy volk vanuit aardse onheil gered as  
getuienis tot sy ewige mag, maar dit, soos die Nuwe  
Testamentiese wonders, was blote wegwysers tot die God wat  
ewige verlossing bied. Die Ou Testament wys immers heen na die  
Christus van die Nuwe Testament. Dit is dieselfde Woord van  
God wat getuig van één Saligmaker wat gesterf het (in die  
OT-sou sterf) vir die sonde van die ganse wêreld.

'n Duidelike illustrasie van Bonhoeffer se denke vind ons in 'n voorgestelde skema van 'n boek wat hy wou skryf. Die boek bestaan uit drie hoofstukke en ek behandel dit vervolgens:

Hoofstuk een handel oor 'n soort diagnose van die situasie waarin die Christendom hom tans bevind.

- a. Die mondigwording van die mensdom word hier beskryf nl. dat die mens homself grootliks geïmmuniseer het teen die lot van die toeval "our immediate datum is no longer nature, as formerly, but organization". (Bonhoeffer : 1981 : 138) Vanuit die organisasie ontstaan 'n nuwe bedreiging, die van die tegniese organisasie self. "Man is again thrown back on himself. He has managed to deal with everything only not with himself. He can insure against everything only not against man. In the last resort all depends on man". (Bonhoeffer : 1981 : 138)
- b. Ook die mens wat godsdiensloos geword het as gevolg van die mondigwording van die samelewing, word hier bespreek. "God zou als arbeidshypothese ('stoplap' - zegt Bonhoeffer) voor onze verlegenheden overbodig geworden zijn". (Van Beumel : 35). Die blamering van ons verleentede op God het dus oorbodig geraak. Ek meen Bonhoeffer slaan hiermee 'n groot mate van huigelary die nek in, maar vee ongelukkig die opregte swaarkry van die gelowige ook van die tafel af.
- c. Derdens word die Evangeliese Kerk in Duitsland in oënskou geneem. Drie strominge word geëvalueer: die Piëtistiese

vroomheid as die laaste poging om die Christendom as godsdiens te behou, die Lutherse ortodoksie as die laaste poging om die kerk as heilsinstituut te red en in die "Bekennende Kirche" gaan dit gewoon om openbarings- teologie. Alhoewel die yweraars vir lg. hulle hele lewe gee vir die saak word weinig persoonlike geloof in Christus gevind. "'Jesus' is disappearing from sight". (Bonhoeffer : 1981 : 138)

Die kerk verloor dus sy greep op die massa, dit is te swaar belaaï met tradisies en het in sy selfverdediging die durf verloor om te waag, ook vir die saak van ander.

In hoofstuk twee word die sekulêre Godsbeskouing behandel. Wie is God? is 'n belangrike vraag waaroor besin moet word. Bonhoeffer meen dat 'n antwoord, met betrekking tot 'n algemene geloof, soos sy alomteenwoordigheid, nie genoegsaam is nie, aangesien dit nie 'n ervaring van God is nie, maar bloot 'n verlenging van die wêreld (Panteïsme? PN). Die antwoord is eerder te vinde in die ervaring van Jesus se "bestaan vir ander", aangesien dit die teenoorgestelde van die algemene menswees illustreer. Sy "daarwees vir ander" is die ervaring van transendensie. "It is only this freedom from himself, this 'being there for others', even to death, that is the source of his omnipotence, omniscience, and omnipresence. Faith is participation in this being of Jesus (incarnation, cross and resurrection.)" (Bonhoeffer : 1981 : 139) So is ons verhouding tot God nie 'n "godsdiens" verhouding tot 'n magtige en wonderlike Wese daarbo nie, aangesien dit nie ware outentieke

transendensie is nie, maar eerder is dit in ons nuwe lewe as die "daar wees vir ander" en in die deelname in die lewe van Jesus. So is transendensie nie iets onmoontlik nie, maar konkreet in die "da-sein-für-Andere" (Van Bemmél : 37), om so God te wees vir ander in menslike vorm en nie in metafisiese of vreemde vorme nie.

Die Apostoliese Geloofsbelydenis moet verder heroorweeg word en die mens moet eerlik antwoord waarin hy glo, soveel so, dat hy sy lewe daaraan heg. Die mens moet homself kan verantwoord oor sy eie geloofstandpunt en moet nie agter die rokspante van die kerk se geloofsbelydenisse en dogmas skuil nie. So sou baie "verouderde" verskille tussen die Lutherse en Gereformeerde en in 'n mate dié tussen die Gereformeerde en Rooms Katolieke kerke, nie meer van toepassing wees nie.

In die derde hoofstuk konkludeer Bonhoeffer dat die kerk alleen kerk is wanneer dit bestaan vir ander. Die kerk moet al sy besittings weggee en die ampte moet leef van die offergawes van die gemeente en indien moontlik selfonderhoudend wees. Die kerk moet solidêr en nie outoritêr, met die wêreld saamleef en dien. Alle vorme van hoogmoed moet geëlimineer word en die gelowiges moet weer leer wat die "daar wees vir ander" beteken, soos Jesus dit in sy lewe vergestalt het. "it is not conceptuality, but example, that gives its word emphasis and power." (Bonhoeffer : 1981 : 140).



Laastens meen Bonhoeffer dat die kerk haar belydenisse, opleiding en uitoefening van ampte in heroorweging moet bring.

Dit is duidelik dat die teologie van Bonhoeffer ook positiewe akkente het. Ek noem twee uitstaandes naamlik:

- a) Dat geen vorm van hulgelary en dwepery by 'n Christen geduld mag word nie. "Religious people speak of God when human knowledge (perhaps simply because they are too lazy to think) has come to an end, or when human resources fail...". (Bonhoeffer : 1981 : 90)
  
- b) Dat die kerk 'n simpatieke oor moet hê vir die nood van die wêreld "The church is the church only when it exists for others." (Bonhoeffer : 1981 : 140)

Dit is egter die negatiewe elemente in die teologie van Bonhoeffer wat domineer. In sy strewe na 'n "religionless Christianity", wat vir die mondige mens verteerbaar is, gooi hy alle Skriftelike norme oorboord en eindig in 'n soort gehumaniseerde evangelie wat vry geïnterpreteer en toegepas kan word. Die volgende gedagtes, in dié verband, is veelseggend.

- a) Die skrif se gesag word afgewater. Oor die onmitologisering van Bultman sê hy: "My view of it today would be,

not that he went 'too far', as most people thought, but that he didn't go far enough". (Bonhoeffer : 1981 : 91)

b) Die Verlossingsleer word gerelativeer. "Hasn't the individualistic question about personal salvation almost completely left us all? Aren't we really under the impression that there are more important things than that question?" "Does the question about saving one's soul appear in the Old Testament at all?"(Bonhoeffer : 1981 : 92)

c) Die Evangelie word 'versekulariseer'. "What is above this world, is in the gospel, intended to exist for this world; I mean that, not in the anthropocentric sense of liberal, mystic pietistic, ethical theology, but in the biblical sense of creation and of the incarnation, crucifixion, and resurrection of Jesus Christ". (Bonhoeffer : 1981 : 92)

"Reconciliation and redemption, regeneration and the Holy Spirit, love our enemies, cross and resurrection, life in Christ and Christian discipleship - all these things are so difficult and so remote that we hardly venture any more to speak of them". (Bonhoeffer : 1981 : 102). Bonhoeffer wil dus die Evangelie herskryf, hy wil dit losmaak van die onverstaanbare ortodokse en primitiewe kleding van die Bybel. Ironies genoeg wil hy dit op 'n Bybelse manier doen. Sy beweegrede is dat die mensdom mondig geword het en dat daar nie meer van hom verwag kan word om die "mitiese" vorm waarin die Evangelie gegiet is, te aanvaar nie. So sou die enigste oplossing wees 'n sogenaamde "godsdienstlose Christendom" wat die Evangelie op 'n

wêreldse manier aan die wêreld bring sonder om te skuil agter allerhande huigelagtige "godsdienslike" terme wat niemand meer verstaan nie.

Die fout wat Bonhoeffer maak kan myns insiens as volg verduidelik word: Hy onderskat die totale verdorwenheid van die mens (Rom. 3 : 23) asook die inspirasie van die Skrif (2 Tim. 3 : 16) om sodoende gehipnotiseer te word deur die sogenaamde mondigheid van die moderne mens by wie hy dan die ewige waarhede van die Skrif wil aanpas, in plaas daarvan dat die sogenaamde "mondige" mens homself, by die Woord van God aanpas.

#### 2.8.2.4 Dorothee Sölle (geb. 1929)

Sy skryf in 1965 'n boek getiteld "Plaasbekleding, 'n Hoofstuk Teologie na die Dood van God." Twee vrae word hierin aan die orde gestel. Eerstens: hoe kan die mens tot volmaakte identiteit kom? Wat is daar nog deur eie toedoen, in die samelewing wat uit die weg geruim moet word? Tweedens: Wat is die betekenis van Christus vir hierdie hedendaagse bestaan?

Dr. Sölle ontleen baie by Hegel, soos die gedagte dat die moderne mens bewus geword het van die "dood van God" in die laaste twee eeue. Hierdie gedagte word deur al meer aanvaar, omdat hulle meen dat die direkte verhouding tot, en aanwesigheid van God in die wêreld, opgehef word. Hegel meen

egter dat God dit juis so wil hê dat die "outydse" konsep van Hom moet verdwyn sodat 'n "suiwerder" Godbegrip sy plek kan inneem. "De naïeve Godsvoorstelling van die volksreligie maakt plaats voor het begrip van God als de absolute Geest, die het oude achter zich laat om nu pas goed te laten zien wie Hij is, of beter gezegd, wie Hij wordt in het nieuwe rijk van de Geest, waarin God, mens en wêreld tot zich zelf gekomen zullen zijn in een hogere eenheid" (Van Bart : 49).

So meen dr. Sölle dan dat daar geen rede meer is om oor God te praat nie, aangesien Hy "dood" is. Hierdie "dood" is egter net 'n oorgangstadium waarin God self tot ontwikkeling kom. Christus is die sleutel tot die nuwe verstaan van God in die wêreld.

Die gedagte dat Jesus die plaasvervanger vir die mens by God is, meen sy, is 'n aantasting van menswaardigheid. Dit herhinner te veel aan die onpersoonlike samelewing van ons dag. Ons moet dan liewer praat van die Plaasbekleder of Verteenwoordiger wat nie die menslike eiewaardigheid ophef nie.

Die "verteenwoordigingsdaad" van Christus is dan tweeledig. Eerstens: verteenwoordig Hy ons by God, waar God dan te hore kan kom van wat Hy nog by die mens kan verwag. So kan die mens homself dan bewys met Jesus as voorspraak. Tweedens: verteenwoordig Christus God by die mens. Hy vervang die

afwesige God dan en tree so as sy verteenwoordiger op. Christus verteenwoordig egter nie alles wat van God geopenbaar kan word nie. Dit sou beteken dat ons reeds alles van Hom weet, wat onmoontlik is. Verder het Christus in hierdie "verteenwoordigingsdaad" die lyding en onreg van die wêreld deelagtig geword. Hy word die Hoofrolspeler en speel God se rol tussen mense van wie Hy afhanklik is. So sê dr. Sölle (Van Bart : 52) dan: "'Jezus roept niet op tot een nieuwe religie', waarin God ons onmiddellik tegenwoordig is, 'maar tot het leven', met het oog op de afwezige en werkeloze God. Wij weten dus, dat God machteloos is en aanwezig wil zijn als de machteloze en afwezige God. Dat is de weg naar zijn idetiteit, de tegelijk de identiteit van mens en wêreld zal zijn."

So is God, vir Sölle, afhanklik van die mens en aangesien Hy al so baie vir die mens gedoen het "is dit nou die tyd om iets vir God te doen". Ons sien dus dat dr. Sölle, soos Von Harnack en Bonhoeffer, nie die knie wil buig in haar teologie, in gehoorsaamheid voor die Soewereine God nie. Die resultaat is 'n post-Christelike teologie, 'n sekulêr humanistiese teologie, waar God tot karikatuur gemaak word wat swak en afhanklik van die mens is. In haar poging om die Christelike geloof by die tydsgees aan te pas, word die swakke mens tot god gemaak en God tot "swakkeling".

#### 2.8.2.5 John A.T. Robinson (geb. 1919)

Hy skryf in 1962 'n boekie getiteld 'Honest to God' wat

opslae oor die hele wêreld veroorsaak het. Net soos Bonhoeffer meen Robinson ook dat die sekulêre mens mondig geword het en daarom kan nie meer van hom verwag word om die Evangelie in 'n primitiewe taal te sluk nie. Hy verskil egter van Bonhoeffer in dié sin dat hy meen die mondige mens het wêl nog 'n behoefte aan godsdiens (Heyns : 1969 : 104). Maar die behoud van die Christelike geloof, meen hy, hang in sy wese af van 'n moderne interpretasie, wat vir die mens van vandag aanvaarbaar is. Wat egter vandag gebeur, is dat die kerk in terme praat, wat as gevolg van hulle onverstaanbaarheid, skeiding tussen die wêreld en die kerk bring, terwyl die rede vir die skeiding geen verskil aan die Evangelie sal maak nie. Die relevansie van God kan nie meer gesoek word in 'n "old man in the sky" konsep nie. "... the number of people who instinctively seem to feel that it is no longer possible to believe in God in the spaceage, shows how crudely physical much of this thinking about a God 'out there' has been. Until the last recesses of the cosmos had been explored or were capable of being explored, it was still possible to locate God mentally in some terra incognita. But now it seems there is no room for him, not merely in the inn, but in the entire universe : for there are no vacant places left." (Robinson : 14)

Dit mag hier nog voorkom of Robinson tereg die alomteenwoordigheid van God wil beklemtoon, maar hy is egter besig om die Godheid af te skaal na 'n bloot menslike vlak as hy sê: "Suppose belief in God does not, indeed cannot, mean being persuaded of the 'existence' of some entity, even a supreme entity, which might or might not be there, like life on

Mars?" (Robinson : 17). Sy Godsbeskouing kom dan baie duidelik na vore in 'n antwoord op die vraag waarom hy die boek geskryf het: "For the Christian God is not remote. He is involved; he is implicated. If Jesus Christ means anything, he means that God belongs to this world." (Robinson : 277) So meen hy dat die gemeenskaplike ontmoetingsterrein, wat Jesus aandui, die liefde is, die liefde van die kruis. God is dan hierdie liefdesterrein. Hy bestaan vir die wêreld en is so kenbaar vir die moderne mens, deurdat Hy in liefde aktueel is.

Robinson, soos Von Harnack en Bonhoeffer, wil dus die Evangelie populariseer. Hy leun dan ook sterk op die sieninge van Bultman, Tillich en Bonhoeffer. Sy popularisering is egter so drasties dat die Evangelie sy totale integriteit verloor en onherkenbaar gemoderniseer word. In plaas daarvan dat die mens in sondebeseef voor God neerval, word God tot 'n identiteitlose "terrein van liefde" afgeskaal wat vir die mondige mens aanvaarbaar is.

Soos sy voorgangers is Robinson ook nie bereid om die mens na God te skik nie. God word eerder gerangskik soos dit die gevalle mens pas. Sy Soewereiniteit en Almag word geïgnoreer en Hy wat die wêreld geskep het, en met een woord kan vernietig, bestaan nou vir die wêreld.

## HOOFSTUK 3

### POST-CHRISTELIKHEID AS SENDINGUITDAGING

#### 3.1 'N NUWE SENDINGMODEL

Vir enige iemand wat vertrouwd is met die tradisionele Sending-evangelisasie model kan dit vreemd wees dat post-Christelikheid hier as sendingterrein en nie as evangeliasieterrein, gekies word. Post-Christelikheid het ons gesien het betrekking op die Weste. So meen Bosch (1987 : 98) dan dat dit by baie die mening is dat sending op die derde wêreld betrekking het.<sup>1)</sup> Dit is dus nodig om te motiveer waarom teen die tradisionele model gekies word.

Ons sien in die model dat gemeenteterrein en sendingterrein twee vreemde gebiede vir mekaar is en ook dat evangelisasie en sending "daar ver" onder die Boesmans, nie-Blankes en Pigmees is. Sake het egter, soos in hoofstuk een aangedui, drasties verander.


---

1) Bosch beweer dat dit ook die siening van Verkuyl in sy: Inleiding in de Evangelistiek (Kampen : Kok, 1978) pp 11, 67-74, is. Die dele is nagegaan en dit is beslis nie 'n getroue weergawe van Verkuyl se siening nie.



3.1.1 Die Sending-evangelisasie model

(Nel : 1982 : 44; De Klerk : 20)



Newbegin (1987 : 40) wys daarop dat die Westerse kultuur die toonaangewende wêreldkultuur geword het. Met die geweldige wetenskaplike en tegnologiese deurbrake het dit die wêreld geïnfiltreer sodat die wêreld stelselmatig besig is om te verwesters. Die hele aarde is verenig onder die netwerk van televisie en satelietverbindings. Die resultaat hiervan is 'n eenvormige en homogene kultuur en lewensstyl. Dié van die Westering. Dit is egter hier waar die kruks van die saak lê.

"The result is not, as we once imagined, a secular society. It is a pagan society, and its paganism, having been born out of the rejection of Christianity, is far more resistant to the gospel than the pre-Christian paganism with which cross-cultural missions have been familiar. Here, surely, is the most challenging missionary frontier of our time." (Newbegin : 1987 : 20 ) "De ontkerstening neemt schrikbarende vormen aan: miljoenen verlaten de kerken in die landen (die Westerse lande : PN), die eeuwenlangen bolwerken van de Christenheid zijn geweest. Het dringt langzaam tot ons door dat het constantijnse tijdperk, waarin de kerk in het westen dominant en invloedrijk was, voorgoed voorbij is. Heel de wêreld is zendingsterrein." (Van Laar : 9) Die Westerling het sendingobjek geword!

In bogenoemde model sien ons drie verskillende werksterreine en alhoewel ons daarvan bewus is dat die diagramme iets wil oordra, is dit baie verwarrend en misleidend. Die Skrif ken nie hierdie skeiding tussen gemeente-terrein, evangelisasie-terrein en sending-terrein nie. Johannes 3:3 leer ons dat iemand wedergebore moet wees voor hy die koninkryk sal ingaan. Dit praat 'n eenvoudige taal wat ons nie moet ingewikkeld maak nie. "Many of us are intellectually embarrassed to speak of the lostness of the lost. We have been infiltrated by the naturalistic concepts of our own relativistic day." (Schaeffer : 1977 : 107)

Hierdie relativisme word myns insiens aangehelp deur die onsekere skeiding tussen evangelisasie en sending. Wie is nou presies sendingobjek en wie evangelisasie-objek?


Christus het sy dissipels (kerk) gestuur om onder die wêreld dissipels (kerk) te maak (Matt. 28 : 19), en in Johannes 17 : 20 bid Hy ook net vir die wat in Hom sal glo, verbondskind of nie verbondskind nie.<sup>2)</sup> Hy maak net 'n onderskeid tussen kerk en wêreld en alhoewel ons in die gebroke wêreld nooit so 'n sigbare waterskeidinglyn sal sien nie, moet dit ons verwysingsraam wees: Kind van Christus, ware dissipel of nie! Indien nie, dan is hy of sy sendingobjek. Sending beteken tog om te stuur. Christus stuur sy dissipels uit die denkebeeldige ware kerk na die verlore sondaar, of hy binne of buite die sigbare kerk se gemeentegrense is. Ek pleit dus nie vir drie terreine soos in bogenoemde skema nie, maar vir twee, naamlik gemeenteterrein en nie-gemeenteterrein oftewel sendingterrein.

Die vraag is nou: waar hoort evangelisasie dan as dit nie meer 'n afsonderlike terrein is nie? Evangelisasie, soos in onderstaande skema aangetoon, is dan die skopus, die fokuspunt en die hoofdoel van sending. Dit word geïllustreer in die Sendingmodel van Bosch:

---

2) Wanneer hier van verbondskind gepraat word, bedoel dit diegene wat as kind gedoop is in die gemeente, maar nie noodwendig gered is nie.

3.1.1.2 Die Sendingmodel van Bosch



Sending omvat dus die totale werksaamheid van die kerk met evangelisasie as fokuspunt. Bosch (1987 : 100) gee dan die volgende definisie van sending: "In its missionary involvement, the church steps out of itself, into the wider world. It crosses all kinds of frontiers and barriers: geographical, social, political, ethnic, cultural, religious, ideological. Into all these areas the church-in-mission carries the message of God's salvation. Ultimately, then, mission means being involved in the redemption of the universe and the glorification of God".<sup>3)</sup>

---

3) Ek sou "universe" hier net wil nuanseer as heelal en diegene wat deur God uitverkies is.

Ons sou dan evangelisasie as volg kan definieer: "that dimension and activity of the church's mission which seeks to offer every person, everywhere, a valid opportunity to be directly challenged by the gospel of explicit faith in Jesus Christ, with a view to embracing Him as Saviour, becoming a living member of His community, and being enlisted in His service of reconciliation, peace and justice on earth" (Bosch : 1987 : 103)

Sending is die liggaam en evangelisasie die hart. Die een kan nie sonder die ander nie. Hierdie nuwe model kan vir baie na haarklowery lyk, maar die geskiedenis het geleer dat die implikasies van 'n siening soos die eersgenoemde model, hierbo, verreikende implikasies het. So vind ons dat die NG Kerk se teologiese opleiding, Sending en Evangelisasie in twee verskillende departemente doseer, terwyl Evangelisasie myns insiens onder Sending resorteer. Die gevolg van hierdie verdeling is dat Sending in 'n groot mate besig is om uit te sterf, omdat dit as derdewêrelds georiënteerd gesien word en daarom deur die gewone leraar, Christen en teologiese student as nie van toepassing beskou kan word.<sup>4)</sup> Die post-Christelike mens word dus as sendingobjek gesien volgens Bosch se model.

---

4) Ek meen hierdie betoog verdien in ons huidige Sendingjaar besondere aandag en oorweging.

### 3.2 STATISTIEKE TER MOTIVERING

Wanneer die saak bepleit word dat ons ons huidige Westerse samelewing, dit wil sê ons post-Christelike samelewing, as sendingveld moet sien, dien die volgende statistieke as 'n verdere bevestiging van die saak.

Ons kyk na 'n paar getalle wat die sluier sal lig oor die huidige stand van ons sogenaamde Christelike beskawing: (Statistieke soos vasgestel in Junie 1985)

Frankryk : Terwyl daar gedurende die tydperk van die Reformasie 48 persent Christene in hierdie land - die geboorteland van die grootste reformatoriese figuur, Johannes Calvyn, was, is daar tans slegs 2 persent Christene oor. Verder is slegs 0,63 persent evangelies<sup>5)</sup> georiënteer.

(Johnstone : 177) Bavinck (1967 : 45) dui daarop dat Frankryk reeds in 1950 as sendingveld verklaar is.

Duitsland Die Evangelische Kirche in Deutschland maak feitlik die totaal uit van alle protestante in die land, en beloop ongeveer 45 persent

---

5. Evangelies dui op die onderafdeling Protestante wat a) Bekeringsgerig, b) die Woord as enigste geloofsbasis en c) Skrifverkondiging en evangelisasie, ahang. Johnstone P. 1986 Operation World, pp 496-497

van die bevolking. Van hierdie 45 persent is slegs 5,5 persent gereelde kerkgangers. Verder is daar ongeveer 1,9 miljoen alkoholiste in die land terwyl 6,8 miljoen in een of ander vorm van hekserij betrokke is. (Johnstone : 1987-188)

**Nederland :** Hierdie land was sterk in die Calvinisme gewortel, daar was in 1900 ongeveer 61 persent Protestante. Van hierdie 61 persent is daar (by tye van opname) slegs 28 persent oor, waarvan slegs 8 persent evangelies georiënteer is. Daar is verder net soveel ateïste (28%) as Protestante in die land. Johnstone (1986 : 313) wys verder daarop dat Nederland die naam van sedeloosheid en dwelmmisbruik geërf het.

**Brittanje :** Daar is 48 persent Protestante in hierdie land, wanneer die nominales ingereken word. Slegs 7 persent van die bevolking is evangelies gesind, terwyl 26 persent ateïste is. In Engeland alleen is daar nasteby 60 persent van die bevolking wat geen Bybelkennis het nie, terwyl die kerkbywoningsyfer ongeveer 6 persent is. (Johnstone : 428-430) "Great Britain" once the proud mistress of the seas, is no longer great." (Kane : 215)

**Amerika** Ongeveer 37,5 persent van die bevolking is Protestant, terwyl 23 persent evangelies gesind is, dit nadat daar in 1900 ongeveer

70 persent protestantsgesindes was. Die ateïste beloop 9,7 persent met 'n aborsie toename wat in 1978 so hoog as 1,456 miljoen was. (Kane : 221) "It is embarrassing to admit that while we are enjoying a religious boom, we are at the same time facing an ethnical and moral breakdown unprecedented in our history." (Kane : 226)

Suid-Afrika : Alhoewel ten minste 71 persent van alle Suid-Afrikaners daarop roem dat hulle Christene is, is die volgende getalle meer getrou. Slegs 40 persent is protestantsgesind, met 15 persent evangelies gesindes. Nel (1982 : 167) wys dat reeds in 1959 40 persent NG-lidmate nooit die eredienste bywoon nie, terwyl 'n verdere 30 persent dit selde doen. Die NG kerk se erediensbywoning is gemiddeld 22,57 persent, met 35,78 persent wat oggenddienste en 9,35 persent wat aanddienste bywoon. In 1986 gaan 0,8 persent NG-lidmate oor na sektes, terwyl dit in 1981 die helfte minder (0,42%) was. Ons kan hierby noem dat 6,57 persent manlike lidmate alkohol verslaaf is, dat in 1975 0,25 persent huwelike in egskeidings oorgegaan het, terwyl dit in 1985 reeds feitlik die helfte beloop, dat saamwony toegeneem het vanaf 0,32 persent in 1970 tot 1,19 persent in 1980 en dit terwyl 8,3



persent babas behoort aan vrouens wat nog nooit getroud was nie.

By nadere aanskoue van bogenoemde syfers is dit ondenkbaar om steeds van 'n werklik Christelike beskawing te praat. Geen wonder nie dat ds. Vernon Louw meen dat "iets drasties gedoen sal moet word aan ons jeug, anders is ons kerke in Suid-Afrika in 2000 leeg"<sup>6)</sup> "The meaning of the word Christian has been reduced to practically nothing. Surely, there is no word that has been so devaluated unless it is the word God itself." (Schaeffer : 1986 : 159) En tereg vra Kane: "Can a country that spends more money on liquor than on books be regarded as civilized?" (Kane : 219)

Wanneer wat reeds gesê is in aanmerking geneem word, arriveer Newbegin (1986 : 3) myns insiens by die korrekte konklusie: "In the areas dominated by Western Culture the church is shrinking and the gospel appears to fall on deaf ears. It would seem, therefore, that there is no higher priority for the research work of missiologists than to ask the question of what would be involved in a genuinely missionary encounter between the gospel and this modern Western Culture."

---

6) Radiokanselpmaatjie om 07h55 op die 28ste Julie 1988.

### 3.3 'N NUWE SENDING VIR SENDING

Dit is baie duidelik dat ons in die Westerse beskawing met 'n heel ander situasie te doen het as 'n sendingopdrag in die vreemde. Vandag is sending in die bekende wat vreemd geword het, vreemd aan God, sy Woord, sy norme en daarom dan ook vreemd aan homself en sy medemens. Maar steeds is dit die vraag na die sin in die lewe wat sentraal staan. Steeds is dit die primêre taak van sending om die Goeie Nuus te bring aan 'n verwarde wêreld. Boshoff (1968 : 169) bevestig hier die feit as hy sê: "Waaraan die wêreld vandag, soos in al die eeue heen behoefte het, is die God van die Bybel, die een 'wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus en ons die bediening van die versoening gegee het'."

Dit is soos Newbegin (1986 : 20) sê dat hierdie geslag baie meer afkeurig staan teenoor die Evangelie, maar die rede hiervoor kan ongetwyfeld toegeskryf word aan 'n verkeerde Godsbegrip. Die mens is geskape na die beeld van God, ons moet eerder sê, na die beeld van die ware God. Hierdie ware God is soewerein, regverdig en almagtig, die God van die Bybel. Die mens met die stempel van die ware God in sy siel, sal nie anders kan as om hierdie ware God te herken en te erken, as hy weer opnuut met Hom gekonfronteer word nie. Die probleem is egter dat ons vandag met 'n valse Godsbegrip sit waarteen die skepsel wel immuun kan wees. Die teendeel is net so waar. Die skepsel kan onmoontlik immuun wees teen sy ware Skepper. Die klei kan hom nie verset teen die vormende hande van die soewereine Kunstenaar nie. Dit is die God van die Bybel!

Die taak van die sendeling vandag is om die kunsmatige wêreld opnuut weer voor te stel aan die lewende God, wat 'n verterende vuur is (Hebr. 12 : 29). Om aan die kunsmatig-versoete Evangelie van die kommersiële teologie, opnuut die sout van die aarde, die sout van ware dissipelskap te laat smaak (Matt 5 : 13). Dit is die taak van die sending om die plastiese Jesus van die Nuwe Teologie wat gebuig en misbruik kan word voor te stel aan die Seun van die lewende God voor wie elke knie sal buig en elke tong sal bely dat Hy die Here is. (Rom 4 : 11). "The phrase 'Jesus Christ' has become a contentless banner which can be carried in any direction for sociological purposes" (Schaeffer : 1968 : 83). Dit is juis teen hierdie plastiese Christus van Sölle, Robinson, Bonhoeffer en ander Nuwe Teoloë teen wie ons sal moet veg. "The Scriptures make clear that we as Bible-believing Christians are locked in a battle of cosmic proportions. It is a life and death struggle over the minds and souls of men for all eternity, but it is equally a life and death struggle over life on this earth." (Schaeffer : 1986 : 23)

Schaeffer (1968 : 83) identifiseer dan ook die Nuwe Teologie as die oorsaak van ons huidige dilemma in die Christendom. Hy wys ook hoe gevestig die Nuwe Teologie in ons kultuur is:

Eerstens is die ongedefinieërde konnotasiewoorde, soos "geloof", "Jesus", ens. baie diep gewortel in ons Westerse kultuur.

Tweedens is die Nuwe Teoloë in beheer van feitlik al die groot protestantse denominasies, "and, if the progressives in the Roman Catholic Church consolidate their position, that Church as well". (Schaeffer : 1968 : 83) Dit gee aan hulle die voordeel om te opereer binne-in die hoofstroom van die kerk, terwyl die organisatoriese en linguistiese kontinuïteit deur hulle voortgesit word.

Derdens het die mens van ons dag gewoon geraak om terme sonder bevraagtekening te aanvaar. In die Nuwe Teologie kry ons die verskynsel dat tradisioneel Bybelse terme gevul word met nuwe en onskriftuurlike inhoude. "The words 'Jesus' or 'Christ' are the most ready for the manipulator ... it can be used to trigger religiously motivated sociological actions directly controray to the teaching of Christ. This is already in evidence, as for example in the 'new' morality being advocated by some within the Church of England today." (Schaeffer : 1968 : 84) Boshoff (1968 : 168) sluit hierby aan as hy sê: "Die kerk het nie suiwer onderskeid gemaak tussen werklik Bybels-Christelike geloof enersyds en religie of religieuse besef andersyds nie. Dit het daartoe aanleiding gegee dat God, kerk, Christelikheid en aanbidding dikwels met religie, moralisme en vroom gevoelens verwar is. Dit het aan die een kant tot die wêreld ontvlugting en aan die ander kant tot 'n oppervlakkige "Social-Gospel" - benadering gelei."

Hierdie verlatting van Christelik-Bybelse norme het 'n geweldige uitwerking op die Godsbeskouing, mensbeskouing en wêreldbeskouing van die post-Christelike era waarin ons leef. Sonder

aanspraak op volledigheid kan die volgende newe-effekte daarvan aangedui word:

- a. **RELATIVISME:** Wanneer afgewyk word van 'n alleengeldende bron van waarheid en norme naamlik die Skrif, word elke mens sy eie normgewer. Die skeiding tussen reg en verkeerd kan só nie meer bestaan nie. Tussen tese en anti-tese het nou 'n sintese gekom, maar hierdie sintese is die subjektiewe mening van elke Jan Rap en sy maat. Niemand is meer reg en niemand verkeerd nie. "Truth as truth is gone, and synthesis (the both-and), with its relativism, reigns."  
(Schaeffer : 1971(b) : 41 - 42)
- b. **IRRASIONALITEIT:** Die noodwendige gevolg van relativisme is irrasionaliteit. Die mens is nie geskep om sy eie normgewer te wees nie en het 'n eksterne konstante norm nodig wat hom sekuriteit en antwoorde kan gee. Hy is nie by magte om sonder die openbaringswaarhede van die Skrif rasioneel te bly nie. So kom Charles Darwin tot die volgende irrasionele konklusie, dit nadat hy as "normgewer", die hele wêreld oortuig het dat die mens toevallig vanuit die aap ontstaan het deur evolusie: "I know in my mind this can't be true, but my mind is only a monkey's mind, and who can trust a mind like

that?" (Schaeffer : 1971(a) : 18-19)

c. NORMLOOS:

Nou verwant met relativisme is normloosheid as gevolg van die verwerping van Skriftelike norme. Vryheid kan alleen vryheid wees wanneer die mens gehoorsaam en gebonde bly aan die norme wat God gegee het. So min as daar 'n vrye wil bestaan, so min bestaan 'n vrye mens. Die resultaat van die omverwerping van Bybelse gebondenheid, was nie soos die mens gedink het ware vryheid nie, maar vernietiging en ontmensliking van die mensdom. Die mens het normloos geword tot sy eie skade. So bring normloosheid, sedeloosheid en sedeloosheid VIGS. "Just when you thought it was safe, with the advent of the Pill, to explore your sexual fantasies in a wider field, a monster of awesome proportions was emerging to frighten the world into a state that could almost be described as morality - AIDS." (Harris : 7) "If there is not a proper balance between form and freedom, the society will move into either of two extremes. Freedom, without a proper balance of form, will lead to chaos and to the total breakdown of society. Form, without a proper balance of freedom, will lead to authoritarianism, and to the destruction of individual and social freedom." (Schaeffer : 1986 : 21)

d. SINNELOOS: Die uiteindelijke produk van verwerping van Christelik-Bybelse norme is nie uiteindelik relativisme, irrasionalisme en normloosheid nie, maar sinneloosheid. Die mens het saam met die verwerping van die Skrif ook sy sin in die lewe verwerp en verloor. Die uiteinde van hierdie verloeëning van God deur die mens is nie God se verlies nie, maar die mens s'n. Deur te ontken dat daar 'n God is word die mens god. Wanneer die mens egter god is bepaal hy sy lot en dit het die geskiedenis geleer is fataal. Verder is die mens sonder God bloot 'n masjien wat toevallig ontstaan het met 'n onbekende toekoms wat totaal van sy effektiwiteit afhanklik is - 'n meganies kousale toekoms met weinig hoop en weinig sin. "What marks our generation? It is the fact that modern man thinks there is nobody home in the Universe. Nobody to love man, nobody to comfort him even while he seeks desperately to find comfort in the limited, finite horizontal relationships of life. But it does not work - in his art, in his music, or anywhere else. In his literature, in his drama, it does not work. In the sexual act, in human relationships, he finds only the devastatingly sterile and the dreadfully ugly." (Schaeffer : 1977 : 17)

Wanneer ons na bogenoemde sake kyk is dit duidelik dat die kerk 'n nuwe sendingtaak het. Sy moet opnuut na die post-Christelike wêreld gaan met die boodskap dat daar wel 'n God is wat lewe en sin gee. Ons kan dus sê die nuwe sending van Sending is om die ou Godsbegrip van die Bybel opnuut te verkondig en te bevestig.

### 3.4 BELANGRIKE GEDAGTES IN DIE POST-CHRISTELIKE SENDING

In die herstel van die Bybelse Godsbegrip kan die volgende gedagtes handig te pas kom.

#### 3.4.1 'n Halwe Waarheid

Ons het gesien dat ons post-Christelike beskawing sy oorsprong het in die sieninge van die Augklärungwetenskap. Hiervolgens was die sobere, rasonele denke die sleutel tot antwoorde. Waar dinge voorheen voorveronderstellingloos aanvaar was as gegewe en onbetwisbare werklikhede, moes alles nou die toets van die rede deurstaan. Wat belangrik geword het was feite. Dit wat abstrak, metafisies en bonatuurlik was, is ontken omdat dit nie empiries getoets en geanaliseer kon word nie. Dinge soos geloof en godsdiens het 'n persoonlike saak geword, terwyl dit wat deur die rede gemeet kan word die eintlike waarheid is. So is die lewe geskei in twee wêreldes, naamlik 'n private wêreld waar persoonlike onbewysbare sake geld, soos geloof (hier kan elkeen glo wat hy wil, dit is sy persoonlike mening) en 'n publieke wêreld, waar alleen dit geld wat feite genoem word.



Deur alleen te konsentreer op feite, kon die Wetenskap by wyse van die induktiewe metode tot dodelik-akkurate gevolgtrekkings kom, wat die rede is vir die geweldige wetenskaplike deurbrake vanaf die Aufklärung. "This is the foundation upon which science rests. But the inductive method has a validity which is limited in that it cannot decide the question by whom and for what purpose the world was created". (Newbegin: 1987 : 4).

Solank as wat feite en doel geskei kan word, kan feite antwoorde gee oor die "wat?" en die "hoe?" van die lewe. Dit kan dus 'n duidelike antwoord gee oor byvoorbeeld 'n horlosie, in soverre dit die eienskappe en werking daarvan behels. Die Wetenskap het ook feitlik al die antwoorde oor die "wat?" en "hoe?" van die aarde wat sy eienskappe en natuurwette betref. Maar wat die "hoekom?" van die horlosie betref is daar geen feitlike antwoord nie. Die doel van die horlosie naamlik om tyd aan te dui, kan ek nie wetenskaplik bewys nie. Net so min kan 'n wetenskaplike die doel van die Skepping aandui. Die feit dat die aarde bestaan maak Wetenskap moontlik, maar hoe en hoekom die aarde ontstaan het kan nie bewys word nie.

Die saak bly egter nie daar nie, maar word nog moeiliker wanneer die wetenskaplike moet erken dat hy sy eie lewenswyse nie wetenskaplik kan verantwoord nie.

Newbegin (1987 : 5-7) noem dan vier redes om die halwe waarheid aan te dui waarop die wetenskaplike lewensfilosofie berus.

Eerstens: Die moderne wetenskaplike oortuiging het sy oorsprong uit die eeu-oue Europese Bybelse siening van die wêreld. Hiervolgens glo die Wetenskap dat die heelal beide verborge en rasideel is. Rasideel kan verskeie eksperimente en instrumentlesings op verskillende tye en plekke dieselfde antwoorde bied. Sonder die rasidele sou die Wetenskap onmoontlik wees en daarom poog wetenskaplikes onvermoeid om te bewys dat die ganse heelal rasideel saamgestel is. Maar as die rasidele ál was, sou Wetenskap onnodig gewees het. Dan sou die blote gebruik van die bepeinsende rede genoeg wees om met die werklikheid kontak te maak en onnodig om enige iets te bewys. "If the world were not rational, science would be impossible, if the world were not contingent, science would be unnecessary. Because it is a rational world, but not the only possible world, we both can and must bestir ourselves to find out what kind of world it is." So rus die Wetenskap op 'n geloof, soos enige ander, wat nie wetenskaplik beantwoord kan word nie.

Tweedens: In die strewe na verifieerbare feite het die Wetenskap doelbewus die vraag "Hoekom?" opsygeskuif. Die rede was dat so 'n vraag nie verifieerbaar is nie, abstrak is en dus nie van toepassing nie. "The scientist acts purposefully when, as a decision on method, he investigates cause and ignores purpose. Plainly it is an error to move from this section on method to the conclusion that there are no purposes at work in nature other than the investigative purpose of the scientist".

Derdens: Omdat die mens deel van die natuur is, is hy wetenskaplik bestudeerbaar. So vind ons onder andere die dissipline, genaamd Gedragwetenskappe, wat die menslike gedrag in wette wil formuleer ooreenkomstig die wette van die Fisika en Chemie. Deur middel van hierdie wette wil hulle dan die menslike gedrag beïnvloed en beheer. So behou die bestuderende mens homself 'n reg voor, wat hy die bestudeerde mens nie gun nie. Die gedragwetenskaplike handel naamlik doelgerig deurdat hy kies om te bewys dat gedrag volgens wette verloop. Dit terwyl die menslike gedrag, waarin hy deel, volgens wette moet verloop en dus nie kán kies of doelgerig kán wees nie. Ons sien dus 'n duidelike inkonsekwentheid in oordeel, wat net die helfte van die waarheid verabsoluteer tot die volle waarheid.

Vierdens: Waar die bloeiende wetenskaplike era 'n dekade of twee gelede ten koste van ander wêreldsieninge kon sê: "Kyk ons metode werk," kan hulle dit nie meer vandag so oortuigend sê nie. Ons het 'n tydperk binnegegaan waar besef word dat alles nie wetenskaplik verantwoordbaar is nie.<sup>7)</sup> "We acknowledge the enormous achievements of the modern scientific worldview, but its failures are becoming apparent. It is not opening for us a rational view of the future".  
(Newbegin : 1987 : 5)

---

7) North G (1986 *Unholy Spirits*, Texas : Dominion Press pp.52-56) wys op die wetenskaplik onverklaarbare feit van "Spontaneous Human Combustion" waar 'n mens in vlamme uitbars en uitbrand sonder enige rede en dit terwyl daar geen skade aan omringende mense of voorwerpe is nie.

Die vroeëre regverdiging van die skeiding tussen verifieerbare feite en abstrakte opinies kan nie meer gehuldig word nie. Die argument dat geloof tot die private lewe van die individu hoort en die Wetenskap die publieke mening verteenwoordig, geld nie meer nie. Die Christelike geloof moet weereens tot die publiek toetree en sy stem laat hoor. "We shall have to face, as the early Church faced, an encounter with the public world, the world of politics and economics, and the world of science which is its heart". (Newbegin : 1987 : 6).

#### 3.4.2 Die twee stoele en die heelal.

Dr. Schaeffer (1971(a) : 110 - 121) stel die twee huidige opponerende lewensbeskouinge voor deur middel van twee persone wat elk op 'n stoel in 'n kamer sit. Die een persoon is 'n materialis wat in geen metafisiese glo nie en die ander die Christen. Die Materialis vertel die Christen van sy interessante wêreld en hoe dit saamgestel is. Die Christen meen dit is interessant maar nie gebalanseerd nie, aangesien dit niks sê oor hóé die wêreld tot stand gekom het nie en ook nie glo in 'n onsigbare wêreld, wat deel is van die heelal nie. Die Materialis meen dit is absurd om in iets te glo wat mens nie kan sien nie. Die horlosie teen die muur gaan staan skielik en die Materialis meen hy sal dit moet opwen. Die Christen sê hy sal tot die onsigbare God kan bid om dit op te wen. Die Materialis reageer heftig en sy twintigste eeuse verstand vind dit onaanvaarbaar dat God 'n horlosie kan opwen. Vir 'n ware gelowige Christen kan dit egter nie anders wees as dat God, wat ook die meganiese deel van die heelal gemaak het,

sels 'n horlosie kan opwen nie.<sup>8)</sup> Deur hierdie beeld dui Schaeffer aan dat die ganse heelal arguments onthalwe tot kamergrootte gereduseer kan word. In die kamer kan daar net twee partye wees, die party wat glo in God en die wat nie glo nie! Die heelal is dus nie só ingewikkeld nie!

Die punt is nou dat die materialis, liberalis ens. ook nie sal glo dat Christus, wat drie dae dood was, self opgestaan en by die graf uitgestap het nie. So gebeurtenis is tog wetenskaplik onverklaarbaar. Meer nog moes Christus na sy opstanding verskeie kere tussen die onsigbare en sigbare werklikheid beweeg, om aan sy dissipels te verskyn. Wat die saak nog meer ongeloofwaardig maak vir die ongelowige, is dat daar duisende sogenaamde Christene is wat ook nie regtig glo in hierdie moontlikhede nie. Vir hulle is gebed ook nie 'n spreke met die lewende God wat luister nie.

"Reformation and revival are related to Gods' people sitting moment by moment in the believer's chair. And with such reformation - revival, will come constructive revolution in the evangelical, orthodox church. Even in the midst of death in the city, the evangelical church can have a really constructive revolution, a revolution that will shake it in all its parts

---

8) Dit is 'n feit dat dr. Schaeffer in 1947 van 'n gewisse vliegcramp gered is deurdat die vliegtuig se motore self aangegaan het nadat hy tot God gebid het.  
(Scheaffer : 1971 (a) : 115)

and make it live before God, before the unseem world, and before the observing eyes of our post-Christian world." (Schaeffer : 1971 (a) : 127)

Die moderne sendeling moet dus opstaan en die gordyne van die kamer oopruk en vir die post-Christelike wêreld, nog 'n wêreld wys, die wêreld van die God wat lewe.

#### 3.4.3 God as Wetgewer.

Ons het gesien dat wanneer van die absolute norm, die Woord van God, afgewyk word 'n totale verval in relativisme, normloosheid en uiteindelik sinneloosheid, die resultaat is. Hierdie toestand van chaos en verwarring in die post-Christelike mens se gemoed kan verander by die besef dat daar wel 'n sekuriteit en vastigheid is. Hierdie vastigheid is God, die begin en die einde van alle dinge. Die almagtige God na wie daar geen wet kan wees nie. "Klim ek op na die hemel, U is daar; en maak ek die doderyk my bed, kyk, U is daar!" (Ps 139 : 8)

Ons wetenskaplike samelewing het ons teen hierdie tyd oortuig dat dit nie al die antwoorde het nie. Dit kan maar bloot dit wat bestaan verstaan, solank as die ontstaan geïgnoreer word. Maar selfs dit wat bestaan maak nie genoegsaam sin wanneer dit bloot wetenskaplik, meganies geformuleer word nie. Daar moet tog iets meer wees! Die samelewing van ons dag het ook gewys dat afwyking van 'n konstante norm fataal is en tot chaos lei.

Die humanis het die konstantheid in die mens gesoek, maar met leë hande geeindig én 'n leë samelewing. As daar wel 'n saak is wat die outonome mens bewys het, is dit dat daar geen outonome mens kan wees, of was nie. "The autonomy of the national man has degenerated into the autonomy of an irrational society". (Singer : 411) In plaas van sekuriteit, sekerheid, vrede en sedelikheid, was die produk van die mens sonder 'n absolute vorm, onsekerheid, oorlog, wanhoop en onsedelikheid. Dinge kán egter anders wees.

"There is no Law behind God, because the furthest thing back is God." (Schaeffer : 1970 : 105) Dit is die karakter van God wat aan die wêreld sy ware norme gee. Die mens is geskape na God se beeld en sy karakter kan alleen in God se karakter ware norme vind. Moraliteit is dus dit wat met God se Karakter ooreenstem en dit wat nie ooreenstem nie, immoraliteit.

Wanneer die mens nou immoreel handel en sondig, staan hy skuldig voor die absolute Wetgewer en alhoewel skuldig, staan hy ten minste skuldig voor Iemand. Vir dieselfde sonde staan alle mense oral ewe skuldig. Dit sluit aan by die feit dat die mens skuldig voel wanneer hy sondig. Hierdie skuldgevoel is nie bloot 'n emosionele reaksie nie, maar 'n ingebore skuldbesef voor God. Hierteenoor leer die moderne denke dat sekere dade of denke, wat privaat of verborge gedoen word en wat volgens die Skrif sonde is, nié verkeerd is nie. Sulke dade word dan moreel betekenisloos. 'n Deel van die lewe word betekenisloos en die lewe word vir die mens sinneloos. Die Christelike etiek dui egter dat alle dade morele waarde het en

dat die mens wat dus 'n morele wese is, moreel betekenisvol is en handel voor God as absolute norm. "The modern non-Christian answer denies the legitimacy of moral absolutes, refuses to pass any kind of moral comment on man's actions and thus reduces cruel and non-cruel deed to the same level." (Schaeffer : 1970 : 105) Die mens beseef hy is 'n morele wese, sy ontkenning van enige absolute Wetgewer plaas hom egter in 'n dilemma. As dit is hoe hy van altyd af was, naamlik wreed, selfsugtig, sedeloos, ens., sal hy vir altyd so bly ook. 'n Bose kringloop, met geen begin of einde nie. Die Skrif gee egter vir ons 'n duidelike antwoord, oor die begin en einde van hierdie toestand waarin die mens is. Dit is die Sondeval (as begin van die toestand) en as gevolg daarvan die Dood (as die einde van die toestand). Tydens die sondeval van die mens het hy totaal geval, dit wil sê in norme, sedes, intellek, met ander woorde in sy hele wese. Die mens is dus sedelik dood en vandaar sy onvermoë om van die samelewing hemel op aarde te maak.

Die Sondeval verklaar dus waarvandaan die ingebore skuldbeseef van die mens kom, dit gee aan die mens betekenis. Die Skrif gee verder 'n antwoord op sy anders sinlose bestaan, deurdat daar verlossing tot 'n nuwe lewe is in Christus. Omdat die mens nou kan verstaan dat sy huidige "onmenslike" toestand te wyte is aan sy oortredinge van die wette van God as Wetgewer, maak die lewe sin. Dit maak nog meer sin, omdat lewe dan nie 'n mislukking is en bly nie, maar in die hemel volmaak sal wees. Wanneer God egter as absolute Wetgewer ontken word, bly daar niks oor vir die mens as 'n wrede, sinnelose bestaan nie.



In die Skrif as openbaring van God as die absolute Wetgewer vind die post-Christelike mens antwoorde vir sy "post-Humane" toestand. Dit is die taak van die moderne sendeling om hierdie geloofwaardige getuienis van die Bybel te herbevestig.

#### 3.4.4 Persoonlikheid of Pretensie?

"Every man is in tension until he finds a satisfactory answer to the problem of who he himself is." (Schaeffer : 1970 : 86). Dat die mens persoonlikheid het is seker. Die vraag is net waar dit vandaan kom. In die Nuwe Teologie,<sup>9)</sup> met die Panteïsme en die Hinduïsme as voorbeelde, word persoonlikheid verkry vanuit hierdie onpersoonlike kragte of gronde. Die mens is dan nie geskep deur 'n persoonlike God na sy beeld nie, maar het ontstaan sonder dat sy persoon aan sy ontstaansgronde gekoppel kan word. "If this is really the only answer to man's personality, then personality is no more than an illusion, a kind of sick joke which no amount of semantic juggling will alter." (Schaeffer : 1970 : 87) Sonder 'n persoonlike God wat die mens na sy beeld geskep het, sit die mens met 'n persoonlikheid wat net sy persoonlike mening kan wees. Dit is juis die dilemma van die post-Christelike mens, dat hy in 'n onpersoonlike wêreld vol onpersoonlike mense leef, met die gedagte dat daar geen persoonlike God bestaan wat hom verstaan nie. Sy behoefte na liefde, erkenning, begrip en vrede word

---

9) Tillich praat van God as die "bestaansgrond" van die mens.

nie bevredig nie en al wat hy vind is ander post-Christelike mense wat self na erkenning, liefde en vrede soek. Om te sê dat hierdie persoonlikheid van die mens en sy behoefte aan persoonlike aandag, van 'n persoonlike God, nie bestaan nie, is om alle sin uit die lewe te verwyder en van persoonlikheid 'n pretensie te maak!

Die Bybel leer ons egter van 'n persoonlike God wat die mens na sy beeld geskape het en in wie die mens sy persoonlikheid kan terugvind. Die skepping is dan nie net vir die mens mooi nie, maar vir God ook. Sonde, pyn en ongeregtigheid maak dan nie net die mens ongelukkig nie, maar vir God ook. "A personal God created all things freely in a non-determinate fashion; and man is created in a special situation. He is the image to this kind of God and so personality is intrinsic to his make-up. God is personal and man is also personal." (Schaeffer : 1970 : 87) 'n Ontmenslikte samelewing is die produk van post-Christelikheid. Die taak van die sendeling in hierdie tyd, is om die vervreemde wêreld van 'n persoonlike God te vertel in wie die mens sy persoonlikheid kan terugvind.

### 3.5 BELANGRIKE VEREISTES VIR POST-CHRISTELIKE SENDING

Ons het gesien dat post-Christelike sending iets heel anders behels as die sending van 'n paar dekades gelede. Die huidige sendingtaak sou eerder die van 'n gedagteverandering onder die ontkerstende mensdom wees. Daar is ook gekyk na 'n paar swak plekke in die post-Christelike mondering van ons hedendaagse

beskawing en hoe die situasie hom leen vir 'n hernude bevestiging van 'n gereformeerde Bybelse boodskap. Ons kan saam met Muggeridge (1980 : 23) sê: "Amidst the shambles of a fallen Christendom, I feel a renewed confidence in the light of the Christian revelation with which it first began."

Daar is 'n paar vereistes wat aan hierdie nuwe sending gestel word. Ek noem dan die belangrikstes:

#### 3.5.1 Die eis van kommunikasie

Om die boodskap oor te dra, vra van die sendeling begrip vir sy ontvangers. "Die teologie het 'n adres en dit is die mens - die mens van 'n bepaalde tyd." (Heyns : 1969 : 8) Die sendeling sal eers effektief kan kommunikeer as hy sy mens ken en verstaan. Bavinck (1967 : 61) voeg iets belangrik by as hy van evangelieverkondiging praat in ons tyd: "Het eist klaar theologisch inzicht en zcherp psychologisch begripen, vooral ook ernstige zelfkennis en zelfdiscipline." Buiten tydsgees en verandering is daar ook konstantheid. Basiese eienskappe en behoeftes wat altyd dieselfde bly en altyd aangespreek kan word. "Pride, loneliness, needs for security and hapiness, and the struggle for survival are part of the life of all cultures. (Dayton : 115)

#### 3.5.2 Onfeilbaarheid van die Skrif

Schaeffer (1986 : 35) wys daarop dat dit die Duitse beskawing slegs agt jaar geneem het om te disintegreer na die akkomodasie van die Historiese kritiek in hulle teologiese kringe. Die sending sal moet glo in die onfeilbare Woord van God, anders

sal sy woord faal, omdat hy geen vertrouwe daarin kan stel nie. Die post-Christelike toestand van ons beskawing is dan ook juis te wyte aan die aftakeling en verloëning van die Skrifwaarhede. Dit sal die primêre taak wees van die nuwe sending om hierdie onveranderde Skrifwaarhede en norme terug te stoot in die Westerse kultuur. Hierdie daad vra egter ook persoonlike oortuiging en voorbeeld. "It is the obeying of the Scripture which is the watershed! It is believing and applying it to our lives which demonstrate whether we in fact believe it." (Schaeffer : 1986 : 61) "Wij moeten de Bijbel weer vinden." (Bavinck : 73)

### 3.5.3 'n Soewereine God

"Feitlik die volle heilsleer bestaan uit die volgende dele: kennis van God en kennis van onself." (Calvyn : 37)

Dit is essensieël dat die moderne mens vandag weereens teruggeruk sal word tot die besef dat hy met 'n soewereine God te doen het. 'n God wat die begin en einde van alle dinge is, wat van niks of niemand afhanklik is nie, maar volmaak en genoegsaam van ewigheid tot ewigheid bestaan. Dit is nie die sekulêre teologie van Sölle en Robinson se God, wat manipuleerbaar en verleë is oor mense nie. (Job 35 : 7,8) As dit volgens die sekulêre teologie lyk of God dood is, is dit nie omdat die mens mondig genoeg geword het om dit te besef nie (Bonhoeffer), maar omdat God Hom onttrek het van die sondige wêreld. "In vain do we plough and sow, if the Lord 'command the clouds, that they rain no rain' upon the field of the spiritual husbandry. (Bridges : 78) Dit is dan die ware God,

nie van wie die mens oortuig moet word in die laaste plek nie, maar tot wie die mens hom moet bekeer vanuit sy sonde. (Heyns : 1969 : 163) In hierdie sekulêre milieu kan ons saam met Pink uitroep: "How vastly different is the God of Scripture from the 'god' of the average pulpit! (1983 : 11)

In aansluiting by Calvyn moet die mens ook nog die volgende van God weet:

- Dat alles in die hemel en op aarde tot Sy heerlikheid geskape is. (Ps. 148 : 1)
- Dat Hy 'n regverdigte Regter is en gevolglik almal sal straf wat afwyk van sy gebooie in woorde, denke of dade.
- Dat Hy genadig en vriendelik is en daarom bereid is, om diegene wat hul toevlug in geloof tot Hom alleen neem, te red van sy ewige geweldige toorn oor die sonde deur Christus se plaasvervangende dood.<sup>10)</sup>

#### 3.5.4 Die verlore mens

"The one great defect of the Roman Catholic and the Arminian view is, as noted, that it ascribes ultimacy or self-sufficiency to the mind of man." (Van Til : 90) Inderdaad hou die mens van ons dag nie rekening met sy misrekening oor sy eie gevalle natuur nie. Die Skrif leer ons dat die mens dood is, mordsdood in sy eie sonde (Rom 5 : 12), en hom dus nie self kan red nie. Hy is totaal afhanklik van God om hom te red. Na die sonde-

---

10) L.W. plaasvervangend en nie plaasbekleding soos Sölle dit voorstel nie.

val het daar vir die mens "niks oorgebly as onkunde, onregverdigheid, kragteloosheid, die dood en sy gerig voor God nie." (Calvyn : 39) Selfs al sou die mens uiterlik goed voorkom sou die innerlike bedorwe bly, en dit is die innerlike wat God oordeel. (I Sam 16 : 7)

Ons gevalle natuur gee die mens nie verskoning om te probeer om God se vereistes na te kom nie. Ons as skepsele skuld ons Skepper dit omdat ons ewig met Hom verbind is. Alhoewel die mens verder die Wet van God in sy hart het en deur die volmaakte onderhouding daarvan die Ewigheid sou kon beërwe, herhinner die Wet ons juis van ons onvermoë om daaraan te voldoen. "Ons moet dus na 'n ander weg vir ons redding soek as deur die geregtigheid van ons werke, dit is, vergiffenis van ons sondes." (Calvyn : 42)

### 3.5.5 Bekering

"Het woord 'bekering' is in onbruik geraakt en misschien ook de zaak der bekering wel." (Bavinck : 74) Inderdaad het die begrip bekering vir die sekulêre humanisme, vir die post-Christelike mens, 'n vloekwoord geword. Dit is vir die moderne "mondige" mens afstootlik om te moet erken dat hy totaal verdorwe is en hom radikaal moet bekeer. Die Skrif leer ons egter dat sonder hierdie "vloekwoord" die mens die ewige vloek van God sal smaak, deurdad die vloek van die kruis geminag word. (Hebr. 2 : 3) "Daarom moet die Evangelie-verkondiging gepaard gaan met het rusteloos appél op persoonlike oorgawe en persoonlike bekering en dus zoo concreet mogelijk zijn." (Verkuyl : 30)

Bekering is dan om God met vertroue te smee om sy toorn van ons af te wend en Hom om genade te bid, sonder twyfel. (Calvyn : 43) Bekering is verder daaglikse bekering (Bavinck :74) sodat ons met die nuwe hart wat God aan sy wedergeborenes gee, stelselmatig heiliger sal lewe, sonder dat ons dáárin ons vertroue stel, maar altyd in Christus alleen! Bekering is verder totale bekering van die totale mens in al sy handeling, denke en woorde. (Verkuyl : 30)

### 3.5.6 Heiligheid en liefde

"Anything that an individual Christian or Christian group does that fails to show the simultaneous balance of the holiness of God and the love of God, presents to a watching world not a demonstration of the God who exists, but a caricature of the God who exists." (Schaeffer : 1986 : 169)

As daar in ons dag 'n ewel is, is dit die verkondiging van goedkoop liefde. Wanneer van God as liefde gepraat word sonder om terselfdertyd van God as lig te praat, is dit 'n halwe waarheid. "When a half truth is presented as the whole truth, it becomes an untruth." (Chantry : 1985 : 17) Dit is juis omdat die post-Christelike mens nie beseft dat God heilig is nie, dat hy nie beseft wat Goddelike liefde aan die kruis beteken nie. Om die mens God se liefde aan te bied, sonder om dit in die lig van die kruis te doen, is om van dit leë woorde te maak, wat die mens in sy sondigheid sal minag. Weereens vra sodanige verkondiging persoonlike oorgawe en uitlewing. "We must practise what we preach."

### 3.6 KONKLUSIE: POST-CHRISTELIK, MAAR NIE POST-CHRISTUS NIE

Dit is nou vir ons duidelik dat post-Christelikheid op twee bene staan. Eerstens: die verwerping van Skriftuurlike norme deur die samelewing in sy kultuur met die finale konsekwensie van sinneloosheid. Tweedens: die oortuiging van die individu dat God oorbodig geword het en die mens "mondig". Die konsekwensie hiervan is egter dieselfde as die eerste naamlik SINNELOOSHEID. Die verwerping van God en Sy Woord maak die samelewing sinneloos en ook die lewe sinneloos.

Dit kan tog nie! Elke mens weet, diep in sy hart, dat daar 'n God is. Verder het God sy Seun gestuur na die mens, sodat daar verlossing kan wees. In Christus kom alle lyne bymekaar. Hy getuig van sin in die lewe, van 'n lewende God, sy Vader en van verlossing. Hierdie verlossing deur die ewige God is vir alle ewigheid en alleen in Christus moontlik. Geen mens sal die saligheid beërwe sonder om in sonde-erkenning voor Christus te val en om verlossing te smek nie. Hy alleen verwyder alle sonde van alle gelowiges. Hy alleen maak verlossing moontlik.


Die mens van vandag is dus post-Christelik, deurdat hy die Christelike lewensnorme verwerp het. Hy kan egter om twee redes nooit post-Christus wees nie. Eerstens sou post-Christus beteken "post-verlossing". Omdat Christus die gesalfde Verlosser is, sal die ontkenning van sy bestaan ook die ontkenning van verlossing beteken. Dit sou beteken dat



daar 'n ewige onoorbrugbare afstand tussen God en mens is, wat vir alle mense 'n ewige sinloosheid en hopeloosheid sou impliseer. Tweedens beteken post-Christus dat Christus self nie meer bestaan nie. Die Bybel leer ons egter dat Hy opgestaan het uit die dood en ewig aan die regterhand van God sit, waar Hy vir sy kinders by God intree. Meer nog leer die Skrif ons ook dat Christus van ewigheid af bestaan en dat alle dinge deur Hom ontstaan het. Daar is dus geen moontlike tydsaanduiding voor of na (post) Christus nie, aangesien Hy voor alle tyd reeds bestaan het en tot in alle ewigheid sal bestaan.

Om dus van die mens van vandag as post-Christelik te praat is om 'n ideale beskrywing van ons era te gee. Om egter te sê die tyd van Christus is verby is onmoontlik en onbybels! Dit is die boodskap wat die wêreld opnuut moet hoor. Hierdie motivering stel ek graag as volg skematies voor. (Skema p.104)

JESUS VERLOS ALLE MENSE WAT IN HOM GLO;  
DIE "VOOR" HOM EN DIE NA HOM



BIBLIOGRAFIE

- Bavinck, JH 1967. De mens van Nu. Kampen : JH Kok.
- Bonhoeffer, D 1981. Letters and Papers from Prison. (Abridged edition). London : SCM Press.
- Bosch, DJ 1987. Evangelism : Theological Currents and Cross-Currents Today. Internasional Bulletin of Missionary Research 11. 98-103
- Boshoff, CWH 1980. Swart Teologie : Van Amerika tot in Suid-Afrika. Pretoria : NG Kerk-boekhandel.
- Boshoff, CWH 1968. Kerk en Sending onder die Bantoe van Suid-Afrika in 'n Eeu van Sekularisasie en Sekularisme. Pretoria : Condate Lytho Press.
- Bridges, C 1983. The Christian Ministry : with an inquiry into the causes of its inefficiency. Edinburgh : Banner of Truth Trust.
- Brown, C 1984. The Enlightenment, in WA Elwell (Ed), Evangelical Dictionary of Theology. Grand Rapids : Baker Book House.
- Brown, C 1984 Emmanuel Kant, in WA Elwell (Ed), Evangelical Dictionary of Theology. Grand Rapids : Baker Book House.

- Calvyn, J 1980. Institusie van die Christelike Godsdiens. (Vertaal deur HW Simpson). Potchefstroom : Calvyn Jubileumboekfonds.
- Chantry, W 1985. Today's Gospel : Authentic or Synthetic? Edinburgh : Banner of Truth Trust.
- Corduan, W 1984. Neo Thomism, in WA Elwell (Ed), Evangelical Dictionary of Theology. Grand Rapids : Baker Book House.
- Dankbaar, WF 1974. Bijbel en Kerk : Kerkgeschiedenis Groningen : Wolters - Noordhof.
- Dayton, ER en AV Fraser 1980. Planning Strategies for World Evangelization. Grand Rapids : Erdmans.
- De Jong, OJ 1980. Geschiedenis der Kerk. Nijkerk : Callenbach.
- De Klerk, JJ 1979. Evangelistiek. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel.
- De Vries, E 1962. De dienst van de kerk aan de industrie-arbeider. Franeker : Wever.
- Du Plessis, J 1987. Kommunistiese vrede of Christelike stryd. Bloemfontein : N.G. Sendinguitgewers.
- Gill, DW 1984. Secularism, Secular Humanism, in WA Elwell (Ed), Evangelical Dictionary of Theology. Grand Rapids : Baker Book House.

- Godsey, JD 1979. Preface to Bonhoeffer. Philadelphia :  
Fortress Press.
- Harris, W 1988. Aids - "or what a way to die!".  
Future 1, 7-13.
- Heyns, JA 1969. Sterwende Christendom?: 'n Teologie  
in die greep van die Tydsgees.  
Elsiesrivier : Nasionale Handels-  
drukkery.
- Heyns, JA 1981. Die Mens: Bybelse en Buite-Bybelse  
Mensbeskouinge. Bloemfontein : Sacum  
Beperk.
- Houghton, SM 1980. Sketches from Church History. Edin-  
burgh : Banner of Truth Trust.
- Hunt, D en TA Mamahon 1985. The Seduction of Christianity:  
Spiritual Discernment in the Last  
Days. Oregon : Harvest House  
Publishers.
- Johnstone, P 1986. Operation World : A day-to-day guide  
to praying for the World. Engeland :  
STL & WEC International.
- Jonker, WD 1983. Die Gees van Christus. Pretoria :  
N.G. Kerkboekhandel.
- Kane, JH 1981. The Christian World Mission : Today  
and Tomorrow. Grand Rapids : Baker  
Book House.
- Koyama, K 1983. Christianity Suffers from "Teacher's  
Complex," in G.H. Anderson (Ed),  
Mission Trends No. 2 : Evangelization  
Grand Rapids : Eerdmans.

- Loen, AE 1967. Secularization : Science without God. London : SCM.
- Louw, DJ 1980. Die Stad in die Mens : Oor Kerkwees vandaq. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel.
- Machen, JG 1983. Christianity and Liberalism. Grand Rapids : Eerdmans.
- Molnar, T 1987. The Pagan Temptation. Grand Rapids : Eerdmans.
- Moltman, J 1984. The Crucified God. London : SCM.
- Muggeridge, M 1980. The End of Christendom. Grand Rapids : Eerdmans.
- Nel, M 1982. Jeug en Evangelie. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel.
- Nel, M 1988. Die onvoltooide Sendingtaak en ons Post-Christelike Westerlinge. Ongepubliseerde Referaat vir Sendingkongres Julie 1988.
- Newbegin, L 1987. Can the West be Converted? International Bulletin of Missionary Research 9, 3 - 7.
- Newbegin, L 1986. Foolishness to the Greeks : The Gospel and Western Culture. Grand Rapids : Eerdmans.
- Newbegin, L 1983. The other side of 1984 : Questions for the Churches. Switzerland : Risk Book Series.
- North, G 1986. Unholy Spirits : Occultism and New Age Humanism. Texas : Dominion Press.

- Oosthuizen, gc 1968. Post-Christianity in Africa : A Theological and Anthropological Study. Stellenbosh : T. Wever.
- Pierard, RV 1984. Theological Liberalism, in WA Elwell (Ed). Evangelical Dictionary of Theology. Grand Rapids : Baker Book House.
- Pink, AW 1983. The Attributes of God. Grand Rapids : Baker Book House.
- Ramm, B 1985. Liberalism, in EF Harrison (Ed). Baker's Dictionary of Theology. Grand Rapids : Baker Book House.
- Robinson, JAT 1964. Honest to God and the Debate. London : SCM.
- Roos,SG 1985. Geestelike Weerbaarheid teen Ideologiese Terrorisme. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel.
- Schaeffer, FA 1971(a). The Church at the End of the Twentieth Century. London : Norfolk Press.
- Schaeffer, FA 1971(b). Escape from Reason. London : Inter- varsity Press.
- Schaeffer, FA 1970. The God who is There. London : Hodder and Stoughton.
- Schaeffer, FA 1977. Death in the City. Leicester : Inter- varsity Press.
- Schaeffer, FA 1986. The Great Evangelical Disaster. Illinois : Crossway Books.

- Singer, CG 1979. From Rasionalism to Irratio-  
nality : The decline of the  
Western Mind from the  
Renaissance to the Present. New  
Jersey : Presbyterian and  
Reformed Publishing Company.
- Smith, GS 1985. The Seeds of Secularization.  
Grand Rapids : Christian Univer-  
sity Press.
- Van Bommel, HA en C Van Bart s.j. Die Nieuwe Theologie en de  
Evangelisatie-Arbeid. Amsterdam  
: ECHO.
- Van der Watt, PB 1980. Die Nederduitse Gereformeerde  
Kerk 1824 - 1905. Pretoria :  
N.G. Kerkboekhandel.
- Van Eeden, IJ 1986. Kerkspeël II. Pretoria : N.G.  
Kerkboekhandel.
- Van Laar, W s.j. Kijk op Zending : Zending  
bezinning binnen de gereformeer-  
de gezindte; (1) Evangelie als  
Cultuur? Kampen : Kok.
- Van Riesen, H 1960. Nietzsche : Modern Thinkers.  
New Jersey : Presbyterian and  
Reformed Publishing Co.
- Van Til, C 1967. The Defense of Faith. New  
Jersey : Presbyterian and  
Reformed Publishing Co.



Verkuyl, J s.j.

Evangelisatie onder hogere  
standen en meer ontwikkelen.

Kampen : Kok (Kerk en Wêreld  
Reeks).

Young, WC 1985.

Secularism, in EF Harrison (Ed),  
Baker's Dictionary of Theology.

Grand Rapids : Baker Book House.

Zeeman, MTS 1973.

Nuwe Hoop vir 'n Verworde  
Wêreld. Elsierivier : Nasionale  
Boekdrukkery Beperk.